

MAAK JOU KLAAR...



En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. – Matt. 25:10.

INHOUD

Voorwoord	p. 3
Inleiding	p. 5
1. Om die Bruidegom te ontmoet	p. 7
2. Finale vermaning	p. 14
3. Trek die wapenrusting van God aan	p. 23
4. Leef Christus-gesentreerd	p. 35
5. Ernstige aandag aan die boodskap aan Laodicéa	p. 46
6. Werklike godvresendheid	p. 50
7. Die oorwinnaars	p. 61
8. Geen tyd om te verkwis nie	p. 73

Christus wag met 'n verlangende begeerte vir die openbaring van Homself in Sy kerk. Wanneer die karakter van Christus volkome in Sy volk gereproduseer sal wees, dan sal Hy kom om hulle as Sy eie op te eis. Dit is die voorreg van elke Christen, nie slegs om uit te sien na nie, maar om die koms van ons Here Jesus Christus te verhaas. As almal wat Sy Naam bely vrugte tot Sy eer en heerlijkheid gedra het, hoe vinnig sou die hele wêreld met die saad van die evangelie besaai gewees het. Die laaste, groot oes sou vinnig ryp geword het en Christus sou kom om die kosbare graan in te samel. - *Christ's Object Lessons*, p. 69 (1900).

VOORWOORD

God begeer dat Sy volk die waarheid vir hulself moet ken. Hy sê: **Ek skryf vir jou belangrike voorskrifte neer om jou leiding te gee en die nodige kennis, sodat jy die waarheid sal herken, die woorde waarop jy kan vertrou.** - Spreuke 22: 20,21. In die inleiding tot sy Evangelie gee Lukas die rede vir die skrywe van sy boek: **Sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.** - Lukas 1:4. 'n Mens is beïndruk met die herhaalde gebruik van die woord "ken" deur die Nuwe Testament-skrywers. Byvoorbeeld, Johannes gebruik hierdie woord meer as dertig keer in sy eerste brief. Dit is die voorreg van elke gelowige om sy persoonlike verhouding met God te ken, sowel as om te weet wat die waarheid betreffende Christelike leerstellings en profesieë is. Watter voorreg daar ook al vir gelowiges in die verlede was, sal die tyd aanbreek wanneer dit dringend sal wees dat God se kinders vir hulself positief sal weet wat die waarheid vir die laaste dae is.

"Die volk van God word na die Skrifte as hulle beskerming teen die invloed van vals leermeesters en die misleidende krag van die geeste van duisternis verwys. Satan gebruik elke middel om te verhoed dat mense 'n kennis van die Bybel bekom, omdat die Bybel se duidelike uitsprake sy misleidings openbaar.... hy gebruik nou sy uiterste pogings vir 'n finale stryd teen Christus en Sy volgelingen. Die laaste, groot misleiding sal binnekort voor ons ontvou.... sodat hulle die beproewing wat voorlê, kan deurstaan, moet hulle [Sabbat-onderhouers] die wil van God, soos in Sy Woord geopenbaar, verstaan. Slegs hulle wat hul verstand met die waarheid van die Bybel gefortifiseer het, sal deur die laaste groot konflik staande bly." - *The Great Controversy*, p. 593. "Slegs diegene wat ywerige studente van die Bybel was en wat 'n liefde vir die waarheid ontvang het, sal beskerm word teen die kragtige misleiding wat die wêreld gevange neem." - *Ibid.*, p. 624.

Baie van God se volk weet nie hoe wonderlik sterk die mure van Sion [die hemelse Jerusalem] is nie, ook nie hoe ondeurdringbaar vir die aanvalle van die vyand die diep, breë en onskendbare fundamente van **die geloof van Jesus** is nie. Al die lede van geestelike Israel moet vir hulself die Skrifte korrek interpreteer, sodat hulle geloof nie op die woord van iemand anders berus nie, maar op hulle eie, intelligente verstaan van die Woord van God.

Soos die dae van gevaar rondom die oorblyfsel Kerk toeneem, moet haar lidmate **bereid wees om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is.** -1 Petrus 3:15.

Mag die liewe Here ons harte en verstand lei en bewaar soos ons Sy heilige Woord bestudeer ter voorbereiding om die komende tyd van beproewinge te verduur en om finaal voor Sy ewige troon te staan, geklee in die perfekte kled van die geregtigheid van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Daar is geen verborge misterie tot die bereiking van ons oorwinning nie. En ja, daar sal 'n groot menigte wees wat oorwinnend is. Natuurlik sal dit min in verhouding tot die biljoene wat op die aarde geleef het, wees. Maar, deur die genade van God, sal die oorwinnaars uiteindelik op die see van glas staan. Daardie dag kan nie meer ver wees nie. Sonde het bykans die toppunt bereik. Verwarring vul die wêreld en 'n groot verskrikking sal binnekort oor die mensdom kom. Die einde is baie naby. Ons wat die waarheid ken, behoort voor te berei vir wat binnekort oor die wêreld as 'n oorstelpende verrassing sal breek.

Die genade van ons Here Jesus Christus sy met julle almal. - 2 Thess. 3:18.

INLEIDING

Die Goddelike Raadgewer

Wanneer hulle in die moeilikheid is, dink vele dat hulle hul op 'n aardse vriend moet beroep, hom van hulle moeilikhede moet vertel en om sy hulp moet smEEK. Onder moeilike omstandighede word hulle harte met ongeloof vervul en alles lyk vir hulle donker. En die hele tyd staan die magtige Raadgewer van die eeue langs hulle en Hy nooi hulle om hulle vertrou in Hom te stel. Jesus, die groot Lasdraer, sê aan hulle: **Kom na My toe... en Ek sal julle rus gee.** - Matt. 11:28. Sal ons ons van Hom na onbetroubare mense wend, wat net so afhanklik van God is as ons self?

Jy word miskien bewus van jou karaktergebreke en jou gebrek aan bekwaamheid in verhouding tot die grootheid van jou taak. Maar al besit jy ook die briljantste verstand wat ooit aan 'n mens gegee is, sou dit nog onvoldoende wees om jou gereed te maak. **Sonder My kan julle niks doen nie,** - Joh. 15:5, sê onse Here en Heiland. Die gevolge van alles wat ons doen, berus by God. Al gebeur wat ook al, hou met onwankelbare, volhardende vertrou in Hom vas.

In jou besigheid, in die geselskap wat jy vir jou vrye tyd kies, in jou keuse van 'n lewensmaat, knoop al hierdie bande met ernstige, nederige gebed aan. Op hierdie wyse sal jy toon dat jy God eer en God sal jou eer. Bid wanneer jy wankelmoedig is. Wanneer jy neerslagtig voel, moet jy met geen mens praat nie, moenie 'n skadu op 'n ander se weg werp nie; maar vertel Jesus alles. Kyk na omhoog om hulp. Gryp in jou swakheid die onbepaalde Krag aan. Vra om nederigheid, wysheid, moed en vermeerdering van jou geloof, sodat jy in die lig van God lig kan sien en jou in Sy liefde kan verbly.

Toewyding en vertrou

Wanneer ons nederig en boetvaardig is, is ons op die plek waar God Hom aan ons sal openbaar. Dit behaag Hom wanneer ons seëninge van die verlede aanvoer as rede waarom Hy ons nog groter seëninge moet skenk. Hy sal die verwagtinge van diegene wat ten volle op Hom vertrou, meer as vervul. Die Here Jesus weet presies wat sy kinders nodig het, hoeveel Goddelike krag ons tot seën van die mensdom sal aanwend en Hy gee aan ons alles wat ons sal gebruik om ander te seën en ons eie siele te veredel.

Ons moet minder vertrou hê in wat ons self kan doen en meer vertrou in wat die Here vir en deur ons kan doen. Jy doen nie jou eie voorbereiding nie; jy werk met God saam. Gee jou wil en jou weg aan Hom oor. Jy moet geen enkele ding terughou en geen kompromis met die eie-ek aangaan nie. Jy sal moet weet wat dit beteken om in Christus heeltemal vry te wees.

Om bloot Sabbat na Sabbat preke aan te hoor, om die Bybel keer op keer deur te lees, of om dit vers vir vers uit te lê, sal ons en ons hoorders niks baat tensy ons die waarhede van die Bybel self uitleef nie. Die verstand, die wil en die liefde moet oorgegee word om deur die Woord van God beheer te word. Dan sal die voorskrifte van die Woord deur die werking van die Heilige Gees die beginsels van die lewe word.

Wanneer jy die Here vra om jou te help, moet jy jou Heiland eer deur te glo dat jy Sy seën ontvang. Alle krag en alle wysheid is tot ons beskikking. Ons moet net vra.

Wandel gedurig in die lig van God. Bepeins Sy karakter dag en nag. Dan sal jy Sy skoonheid aanskou en jou in Sy goedheid verbly. Jou hart sal brand met die besef van Sy liefde. Jy sal verhef word asof jy deur die ewige arms gedra word. Met die krag en lig wat God gee, sal jy meer kan verstaan en meer kan uitrig as wat jy ooit voorheen moontlik geag het.

“Een ding”

Hy wat op God vertrou, sal soos Paulus kan sê:

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. – Fil. 4:13. Wat die foute of mislukkings van die verlede ook al mag wees, ons kan hulle met God se hulp oorwin. Ons kan soos die apostel sê:

Een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. – Fil. 3:14.

Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 371-372.

1. “Om die Bruidegom te ontmoet”

Na aanleiding van Matt. 25:1-13

Jn die gelykenis het al tien maagde uitgegaan om die bruidegom te ontmoet. Almal het lampe en oliekanne gehad. 'n Tyd lank is geen verskil onder hulle opgemerk nie. So ook met die Kerk wat net voor Christus se wederkoms bestaan. Almal het 'n kennis van die Skrifte. Almal het die boodskap van Christus se nabye koms gehoor en wag met vertroue op Sy verskyning. Maar soos dit in die gelykenis was, so is dit nou. Daar kom 'n wagtyd tussenin. Die wagtendes se geloof word beproef en as die geroep: **Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet**, gehoor word, is baie onvoorbereid. Hulle het geen olie in hulle kanne met hulle lampe nie. Hulle is sonder die Heilige Gees.

Sonder die Heilige Gees is 'n kennis van Sy Woord waardeloos. Die teorie van die waarheid sonder die Heilige Gees, kan die siel nie opwek of die hart heilig nie. 'n Mens kan wel met die gebooie en beloftes van die Bybel bekend wees, maar tensy die Gees van God die waarheid tuisbring, sal die

karakter nie verander word nie. Sonder die verligting van die Heilige Gees, sal mense nie in staat wees om tussen waarheid en dwaling te onderskei nie en hulle sal onder die meesterlike versoekings van die Satan val.

Die klas wat deur die dwase maagde voorgestel word, is nie huigelaars nie. Hulle het agting vir die waarheid: hulle het die waarheid verkondig; hulle voel hulle aangetrokke tot diegene wat die waarheid glo; maar hulle het hulle nie aan die werkinge van die Heilige Gees onderwerp nie. Hulle het nie op die Rots, Jesus Christus, geval en toegelaat dat hulle ou natuur verbrokkel word nie. Hierdie klas persone word ook deur die klipperige grond voorgestel. Hulle ontvang die woord graag, maar hulle slaag nie daarin om die beginsels daarvan hulle eie te maak nie. Die invloed daarvan is nie blywend nie. Die Gees werk op die mensehart en plant volgens sy verlange en goedkeuring 'n nuwe natuur binne-in hom, maar die klas persone wat deur die dwase maagde voorgestel word, is tevrede met 'n oppervlakkige werk. Hulle ken God nie; hulle het Sy karakter nie bestudeer nie, hulle het nie met Hom gemeenskap gehou nie; daarom weet hulle nie hoe om te vertrou, hoe om te kyk en te lewe nie. Hulle diens vir God ontaard in 'n vorm. **En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklarings met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan.** - Eseg. 33:31. Die apostel Paulus wys daarop dat dit die besondere kenmerk sal wees van diegene wat net voor Christus se wederkoms leef. Hy sê: **Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, ...meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.** - 2 Tim. 3:1-5.

Dit is hierdie mense wat in tye van gevaar uitroep: **Vrede en veiligheid.** Hulle stel hul gerus en droom nie van gevaar nie. As hulle uit hul traagheid wakkerskrik, gewaar hulle hul gebrek en vra dat andere moet voorsien wat hulle ontbreek, maar in geestelike dinge kan niemand in 'n ander se tekortkominge voorsien nie. Die genade van God is vryelik aan elke siel gebied. Die boodskap van die evangelie is verkondig: **En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.** - Openb. 22:17. Maar 'n karakter is nie oordraagbaar nie. Niemand kan vir iemand anders glo nie. Niemand kan vir iemand anders die Heilige Gees ontvang nie. Niemand kan aan 'n ander die karakter gee wat die vrug van die werkinge van die Heilige Gees is nie. **Al was Noag, Daniël en Job daarin [in die land], so waar as Ek leef, spreek die Here Here, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red.** - Eseg. 14:20.

Dit is in 'n krisis dat die karakter geopenbaar word. Toe die plegtige stem om middernag uitroep: **Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet,** en die slapende maagde uit hulle sluimering gewek is, het dit duidelik geword wie vir die gebeurtenis voorbereidsels getref het. Albei groepe is verras, maar net een was vir die noodgeval gereed en die ander was onvoorbereid. So sal 'n skielike en onverwagte ramp, iets wat die siel direk in aanraking met die dood bring, ook vandag toon of daar ware geloof in die beloftes van God is. Dit sal toon of die siel deur genade onderskraag word. Die groot en finale toets kom aan die einde van die menslike proeftyd wanneer dit reeds te laat is om in die behoeftes van die siel te voorsien!

Die tien maagde wag in die aand van die wêreld se geskiedenis. Almal gee voor om Christene te wees. Elkeen het 'n roeping, 'n naam en 'n lamp en almal beweer dat hulle God dien. Almal wag blykbaar op Christus se

verskyning. Maar vyf is onvoorbereid. Vyf sal verras en verstom buite die banketsaal gevind word.

Op die laaste dag sal baie op toegang tot Christus se koninkryk aanspraak maak met die woorde: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink en U het op ons strate geleer. **Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?**- Luk. 13:26. Maar die antwoord is: **Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My.** - Matt. 7:22. In hierdie lewe het hulle geen kameraadskap met Christus aangeknoop nie; daarom ken hulle nie die taal van die hemel nie. Hulle is vreemdelinge vir sy vreugde. **Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.** - 1 Kor. 2:11.

Die treurigste woorde wat 'n sterfeling ooit kon hoor, is daardie oordeel: **Ek ken julle nie.** Net die kameraadskap van die Gees wat jy verontagsaam het, kon verseker het dat jy een van die vreugdevolle skare by die bruilofsfees sou wees. In daardie geleentheid kan jy nie deel nie. Sy lig sou op verblinde oë en sy musiek op dowe ore val. Sy liefde en vreugde sou geen aanklank van blydskap in die hart verwek wat deur die wêreld verlam is nie. Jy word deur jou eie ongeskiktheid vir hemelse geselskap daar uitgesluit. Ons kan nie gereed wees om die Here te ontmoet deur wakker te skrik wanneer die geroep uitgaan: **Daar kom die bruidegom!** en dan ons leë lampe op te neem om volgemaak te word nie. Ons kan Christus nie hier uit ons lewens weghou en tog geskik wees vir Sy geselskap in die hemel nie.

Deur die Heilige Gees is God se Woord 'n lig wanneer dit 'n veranderende krag in die lewe van die ontvanger word. Deur die beginsels van Sy Woord in hulle harte in te plant ontwikkel die Heilige Gees in mense die kenmerke van God. Die lig van Sy heerlijkheid - Sy karakter - moet in Sy volgelinge

skyn. So moet hulle God verheerlik en die pad na die Bruidegom se huis, na die stad van God, na die bruilofsmaal van die Lam, verlig.

Die bruidegom het om middernag gekom tydens die donkerste uur. So sal die koms van Christus ook in die donkerste tydperk van die wêreld se geskiedenis geskied. Die dae van Noag en Lot het die toestand van die wêreld net voor die koms van die Seun van die mens uitgebeeld. Die Skrifte wys vooruit na daardie tyd en verklaar dat die Satan met allerhande kragtige dade en **met allerhande verleiding van ongeregtigheid**, 2 Thess. 2:9,10, sal werk. Sy werk blyk duidelik uit die spoedig toenemende duisternis, die veelvuldige dwalinge, ketterye en verleidings van hierdie laaste dae. Die Satan is nie net besig om die wêreld gevange te neem nie, maar sy misleiding deursuur die beweerde kerke van onse Here Jesus Christus. Die groot afval sal in 'n duisternis so swart soos middernag, so ondeurdringbaar soos 'n harige sak ontwikkel. Vir die volk van God sal dit 'n nag van beproewing wees, 'n nag van geween, 'n nag van vervolging ter wille van die waarheid. Maar uit daardie nag van duisternis sal God se lig skyn.

Die kinders van God moet Sy heerlikheid openbaar. In hulle eie lewe en karakter moet hulle openbaar wat die genade van God vir hulle gedoen het. Die lig van die Son van Geregtigheid moet in goeie werke uitstraal, in woorde van waarheid en in dade van heiligheid. Christus, die uitstraling van die Vader se heerlikheid, het na die wêreld gekom om dit te verlig, Hy het gekom.

Dit is die voorreg van elke siel om 'n lewende kanaal te wees waardeur God die rykdom van Sy genade, die onnaspeurlike rykdom van Christus aan die wêreld kan oordra. Daar is niks wat Christus soveel begeer as verteenwoordigers wat Sy Gees en karakter aan die wêreld sal voorhou nie. Daar is niks wat die wêreld soveel nodig het as die openbaring van die Heiland se liefde deur middel van die mens nie. Die ganse hemel wag op

kanale waardeur die heilige olie uitgegiet kan word om 'n vreugde en 'n seën vir menseharte te wees.

Dat die Gees in die hart woon, sal geopenbaar word deur die hemelse liefde wat daaruit vloei. Die Goddelike volheid sal deur die toegewyde, menslike verteenwoordiger vloei om aan andere gegee te word.

Die Son van Geregtigheid het **genesing onder sy vleuels**. - Mal. 4:2. So moet daar uit elke ware dissipel 'n lewensinvloed van moed, hulpvaardigheid en ware genesing straal.

Die godsdiens van Christus beteken meer as net die vergifnis van sonde, dit beteken om sonde te verwyder en die leegte met die bekoorlikhede van die Heilige Gees te vul. Dit beteken Goddelike verligting, vreugde in God. Dit beteken 'n hart van die eie-ek geledig en deur die blywende teenwoordigheid van Christus geseën. As Christus in die siel heers, is daar eenheid, vryheid van sonde. Die heerlikheid, die volheid, die volledigheid van die evangelieplan word in die lewe vervul. Om die Heiland aan te neem bring 'n gloed van volmaakte vrede, volmaakte liefde, volmaakte versekering. Die skoonheid en geur van die karakter van Christus wat in die lewe geopenbaar word, getuig dat God in der waarheid Sy Seun na die wêreld gestuur het om Sy Saligmaker te wees.

Christus sê nie aan Sy volgelinge dat hulle moet swoeg om te skyn nie. Hy sê: Laat julle lig skyn. As julle die genade van God ontvang het, is die lig in julle. Verwyder die hindernisse en die Here se heerlikheid sal geopenbaar word. Die lig sal skyn om deur die duisternis te dring en dit te verdryf. Jy kan nie anders as om binne die kring van jou invloed te skyn nie.

Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op. - Jes. 60:1. Aan diegene wat uitgaan om die

Bruidegom te ontmoet, word hierdie boodskap gegee. Christus kom met krag en groot heerlikheid. Hy kom met Sy eie heerlikheid en met die heerlikheid van die Vader. Hy kom en al die heilige engele kom saam met Hom. Hoewel die hele wêreld in duisternis gehul word, sal daar lig in elke woning van die heiliges wees. Hulle sal die eerste lig van Sy wederkoms gewaar. Die onbesoedelde lig sal uit Sy grootsheid en prag straal en Christus, die Heiland, sal deur almal bewonder word wat Hom gedien het. Terwyl die onregverdiges uit Sy teenwoordigheid sal wegvlug, sal Christus se volgelinge hulle verbly. Die patriarg Job het vooruit na die tyd van Christus se wederkoms gekyk en gesê: **Hom wat ek sal aanskou my ten goede, en my oë - en geen vreemde nie - sal sien.** - Job 19:27. Vir Sy getroue volgelinge was Christus 'n daaglikse metgesel en bekende vriend. Hulle het in noue verbinding, in voortdurende kameraadskap met God gelewe. Die heerlikheid van die Here het oor hulle opgegaan. Die lig van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus is in hulle weerkaats. Nou verheug hulle hul in die helder strale van die glans en heerlikheid van die Koning in Sy majesteit. Hulle is gereed vir kameraadskap met die hemel, want hulle het die hemel in hulle harte.

Met hoofde omhoog, met die helder strale van die Son van Geregtigheid op hulle, met blydskap omdat hulle verlossing naby is, gaan hulle uit om die Bruidegom te ontmoet met die woorde: **Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos.** - Jes. 25:9.

En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou [die kerk] het haar gereed gemaak. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. Hy is die Here van die here en die Koning van die konings - en die

wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. -
Openb. 19:6-9; 17:14.

1. Ellen White: *Die Gelykenisse van Christus*, pp. 295-300.

2. *Finale Vermaning*

God roep ons om wakker te skrik, want die einde is naby. "Elke verbygaande uur is een van aktiwiteit in die hemelse howe om 'n volk op aarde gereed te maak om 'n rol te speel in die groot tonele wat binnekort oor ons gaan oopgaan. Hierdie verbygaande oomblikke, wat skynbaar vir ons so min waarde het, is swaar belaaie met ewige sake. Hulle is besig om die bestemming van siele vir die ewige lewe of ewige dood voor te berei. Die woorde wat ons vandag in die ore van mense uitspreek, die werke wat ons doen, die gees van die boodskap wat ons verkondig, sal 'n geur van lewe tot die lewe of van dood tot die dood wees.

My vriende, besef julle dat jul eie verlossing, sowel as die bestemming van ander siele, afhang van die voorbereiding wat julle vir die toets voor ons maak? Het julle daardie intense ywer, daardie vroomheid en toewyding wat julle in staat sal stel om teen die komende opposisie staande te bly? Die tyd wat baie onbenut laat verbygaan, behoort toegewy te word aan die taak wat God ons gee om vir die naderende krisis voor te berei.

Ons behoort die wet van God meer as ooit tevore lief te hê en te onderhou. Daar is die dringendste behoefte om die opdrag van Christus op die verstande en harte van alle gelowiges, mans en vrouens, jeug en kinders, te benadruk: Ondersoek die Skrifte; bestudeer jou Bybel soos jy nooit tevore gedoen het nie. Tensy jy tot 'n hoër, heiliger toestand in jou godsdienstige lewe vorder, sal jy nie vir die verskyning van ons Here gereed wees nie.

Soos God groter lig gee, verwag Hy ooreenstemmende ywer, getrouheid en toewyding van die kant van Sy volk. Daar moet meer geestelikheid, 'n dieper toewyding en ywer in Sy werk, wat nog nooit bereik is nie, wees. Baie tyd moet in gebed spandeer word, sodat die kleed van ons karakter gewas en wit gemaak kan word in die bloed van die Lam." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, pp. 716-717.

"Satan sal wonders doen om te mislei; hy sal sy mag as oppergesag oprig. Dit sal lyk asof die Kerk op die punt is om te val, maar sy sal nie val nie. Sy sal bly, terwyl die sondaars in Sion uitgesif word - die kaf sal van die kosbare koring geskei word. Dit is 'n verskriklike beproewing, maar nietemin dit moet gebeur. Niemand behalwe hulle wat deur die bloed van die Lam en die Woord van hulle getuienis die oorwinning behaal het, sal onder die getroues en opregtes, wat sonder vlek of besoedeling van sonde en sonder bedrog in hulle monde gevind word nie. Ons moet van ons selfgeregtigheid ontklee en met die geregtigheid van Christus beklee wees." - *Selected Messages*, vol. 2, p. 380.

"Die oordele van God kan alreeds in storms, in vloede, in orkane, in aardbewings en in gevare op land en ter see gesien word. Die groot **Ek Is** praat met diegene wat Sy wet ongeldig verklaar het. Wanneer God se wraak op die aarde uitgestort word, wie sal kan staande bly? Nou is die tyd vir God se volk om hulle beginselgetrouheid te bewys. Wanneer die ewige evangelie van Christus die meeste geminag word, wanneer Sy wet die meeste verag word, dan behoort ons ywer/erns/geesdrif/vuur die warmste te wees en ons moed en standvastigheid die mees onverskrokke. Om ter verdediging van die waarheid en geregtigheid te staan wanneer die meerderheid ons in die steek laat; om die stryd vir die Here te stry wanneer die strydere min is - dit sal ons toets wees. Gedurende hierdie tyd moet ons warmte van die koudheid van ander bymeekaarmaak, moed van

hulle lafhartigheid en getrouheid van hulle verraad. Die meerderheid sal aan die kant van die groot rebelleier wees.

Die Kaptein van ons verlossing sal Sy volk vir die konflik waarin hulle moet betrokke raak, versterk. Hoe dikwels wanneer Satan al sy magte teen die volgelingen van Christus ingespan en die dood hulle in die gesig gestaar het, het ernstige gebede, wat in geloof opgestuur is, die Kaptein van die Here se leërskare op die oorlogsfront gebring en die verloop van die stryd/konflik omgekeer en die verdruktes gered.

Nou is die tyd wanneer ons heg met God moet verbind, sodat ons weggesteek kan word wanneer die verwoedheid van Sy toorn op die mensdom uitgestort word. Ons het van die ou bakens afgedwaal. Laat ons terugkeer. As die Here God is, dien Hom; as dit Baäl is, dien hom. Aan watter kant sal jy wees?" - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 137.

Die Seël van die lewende God

Die finale seëling word in Openbaring 7:1-3 voorgestel: *En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.*

Die lewende regverdige sal die finale seël van God voor die sluiting van die genadedeur ontvang. Ten einde hierdie finale seël van die lewende God te kan ontvang, moet hulle die krisis in verband met die dier suksesvol deurstaan. Die finale seël beteken die volle reproduksie van God se

karakter van geregtigheid in die gelowige se lewe. Sy bly-in Christus en die groei stadium, wat die **volle koring in die aar** (Mark. 4:26-29) genoem word, bereik. Die **volle koring in die aar** beteken dat die gelowiges in die waarheid, sowel intellektueel as geestelik, gevestig is, sodat hulle nie beweeg kan word nie. Die Sewendedag Sabbat [Saterdag] sal die uiterlike manifestasie van hierdie eindtyd seël van God wees.

"Dit is die toets wat die volk van God moet hê voordat hulle geseël sal word. Almal wat hulle lojaliteit aan God bewys deur Sy wet te onderhou, en weier om die vals sabbat [Sondag] te aanvaar, sal onder die banier van die Here in gelid gestel word en sal die seël van die lewende God ontvang. Diegene wat die waarheid van hemelse oorsprong verwerp en die Sondag as sabbat aanvaar, sal die merk van die dier ontvang." - Letter 11, 1890 in *Bible Commentary*, vol. 7, p. 976.

"Nie een van ons sal die seël van God ontvang, terwyl ons karakter 'n enkele vlek of rimpel het nie. Dit is aan ons oorgelaat om die gebreke in ons karakters reg te stel, om die sielstempel van elke besoedeling te reinig. Dan sal die laat reën op ons val soos die vroeë reën op die dissipels op Pinksterdag geval het.

Ons is te maklik tevrede met ons bekwaamhede, dit wat ons bereik het. Ons voel ryk en het baie goed en weet nie dat ons **ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie**. - Openb. 3:17. Nou is die tyd om ag te slaan op die vermaning van die getroue en waaragtige Getuie: **Ek raai jou aan om van My te koop goud [geloof - 1 Pet. 1:7] wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere [kleed van geregtigheid - 2 Kor. 5:3], dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf [die Heilige Gees - Hand. 10:38] om jou oë te salf, sodat jy kan sien.** - Openb. 3:18.

In hierdie lewe moet ons hewige beproewinge deurstaan en duur offers bring, maar die vrede van Christus is die beloning. Daar was so min selfverloëning, so min lyding ter wille van Christus, dat die Kruis bykans heeltetal vergete is. Ons moet deelnemers met Christus aan Sy lyding wees as ons in oorwinning met Hom op Sy troon wil sit. So lank as wat ons die maklike pad van selfbevreëdiging kies en bang is vir selfverloëning, sal ons geloof nooit standvastig word nie en ons sal nòg die vrede van Jesus ken nòg die blydskap wat deur bewuste oorwinning kom. Die verlore leërskaare geklee in wit wat voor die troon van God en die Lam staan, ken die vreugde van oorwinning, want hulle kom uit groot beproewing. Diegene wat aan omstandighede toegegee het, eerder as om in hierdie konflik betrokke te raak, sal nie weet hoe om staande te bly in daardie dag wanneer benoudheid op elke siel sal wees nie. Alhoewel Noag, Job en Daniël op aarde was, kon hulle nòg seun nòg dogter red, want elkeen moet sy eie siel deur sy eie geregtigheid red.

Dit is nie nodig dat iemand sê sy/haar saak is hooploos nie, dat hy/sy nie die lewe van 'n Christen kan leef nie. Oorvloedige voorsiening is deur die dood van Christus vir elke siel gemaak. Jesus is ons immer teenwoordige hulp in tyd van nood. Roep Hom in geloof aan en Hy het belowe om te hoor en jou versoek te beantwoord.

O, vir 'n lewende, aktiewe geloof! Ons het dit nodig; ons moet dit hê, of ons sal in die dag van beproewing flou word en misluk. Die donkerte wat dan oor ons pad sal wees, moet ons nie ontmoedig of ons tot wanhoop dryf nie. Dit is die sluier waarmee Christus Sy heerlikheid bedek wanneer Hy kom om ons Sy ryke seëninge deelagtig te maak. Ons behoort dit uit ons ervaring van die verlede te weet. In daardie dag wanneer God 'n stryd met Sy volk het, sal hierdie ervaring 'n bron van vertroosting en hoop wees.

Wat doen julle, vriende, in die groot werk van voorbereiding? Diegene wat met die wêreld verenig, ontvang die wêreldse stempel en berei vir die merk van die dier voor. Diegene wat nie op hulself vertrou nie, wat hulself voor God verneder en hulle siele reinig deur die waarheid te gehoorsaam, ontvang die hemelse stempel en berei vir die seël van God in hulle voorhoofde voor.

Nou is die tyd om voor te berei. Die seël van God sal nooit op die voorhoof van 'n onrein man of vrou geplaas word nie. Dit sal nooit op die voorhoof van 'n eersugtige, wêreld-liefhebbende man of vrou geplaas word nie. Dit sal nooit op die voorhoof van mans en vrouens met vals tonge en bedrieglike harte geplaas word nie. Almal wat die seël ontvang, moet sonder 'n vlek voor God wees - kandidate vir die hemel." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, pp. 213-216.

Gereinig net soos Jesus rein is (1 Joh. 3:1-3)

Ons behoort die karakter van ons Verlosser ernstiger te bestudeer. Ons behoort die lieflike Model wat God ons gegee het, navolg. Ons behoort stil te staan by die onvergelyklike bekoring van Jesus totdat daar niks bevredigends in hierdie verganklike wêreld sal wees nie. Ons behoort te begeer om sy beeld in goedheid, in hoflikheid, in sagtheid en liefde te reflekteer, dat ons, **as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.** - 1 Joh. 3:2-3. Binne 'n kort tydjie sal elkeen wat 'n kind van God is Sy seël op hom kry. O, dat dit op ons voorhoofde geplaas mag word! Wie kan die gedagte verduur om oorgeslaan te wees wanneer die engel van God uitgaan om die diensknegte van God in hulle voorhoofde te seël? - *Review and Herald*, May 28, 1889.

"Soos die lede van die liggaam van Christus die tydperk van hulle laaste konflik nader, 'n tyd van **benoudheid vir Jakob** (Jeremia 30:7), sal hulle

met Christus verenig en sal in 'n groot mate deel hê aan Sy Gees. Soos die derde engel se boodskap (Openbaring 14:6-12) tot 'n harde wekroep aanswel en soos groot krag en heerlikheid die sluitingswerk begelei, sal die getroue volk van God aan daardie heerlikheid deelneem. Dit is die laat reën wat hulle weer aanvuur en versterk om deur die tyd van benoudheid te gaan. Hulle gesigte sal skyn met die heerlikheid van daardie lig wat die derde engel begelei." - *Testimonies for the Church*, vol. 1, p. 353.

Rein en vlekloos

Wanneer hierdie werk voltooi is, sal die volgelinge van Christus vir Sy verskyning gereed wees. **Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die Here aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd.** - Maleági 3:4. Dan sal die Kerk wat ons Here by Sy koms vir Homself sal ontvang, 'n Kerk wees **verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks.** - Efesiërs 5:27. Dan sal die Kerk **opkom soos die dageraad, mooi soos die maan, rein soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels.** - Hooglied 6:10.

Slotvermaning

"Die Here het vir my die gevaar om ons verstande met wêreldse gedagtes en sorgte te vul gewys. Ek het gesien dat sommige se verstand weggelei word van huidige waarhede en 'n liefde vir die heilige Bybel deur ander opwindende boeke te lees. Ander is met verbouereerdheid en sorgte oor wat hulle sal eet, drink en aantrek vervul. Sommige kyk te ver vooruit vir die koms van die Here. Tyd het vir 'n paar jaar langer geduur as wat hulle verwag het, daarom dink hulle dit mag vir nog 'n paar jaar langer duur en op hierdie manier word hulle gedagtes van die waarheid vir die hede agter die wêreld aan weggelei. Hierin sien ek groot gevaar, want as die verstand met ander dinge gevul word, is waarheid vir die hede uitgesluit en is daar geen plek in ons voorhoofde vir die seël van die lewende God nie. Ek het

gesien dat die tyd vir Jesus om in die Allerheiligste plek te wees bykans verstreke is en dat die tyd 'n klein bietjie langer kan duur. Die ontspanningstyd wat ons het, behoort aan die ondersoek van die Bybel, wat ons in die laaste dag sal oordeel, bestee te word.

My liewe broeders en susters, laat die gebooie van God en die getuienis van Jesus Christus voortdurend in julle verstand wees en laat dit wêreldse gedagtes en sorge uitdruk. Wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan, laat dit jou meditasie wees. Lewe en handel volkome in afwagting vir die koms van die Seun van die mens. Die seëlingstydperk is baie kort en sal spoedig verby wees. Nou is die tyd, terwyl die vier engele die vier winde vashou, om ons roeping en verkiesing te verseker." - *Early Writings*, pp. 58-59.

Die finale toets en die ondersoekende oordeel van die lewendes

Ons kom nou by die kritiese vraag: Watter verskriklike toets moet die laaste generasie van die lewende gelowiges suksesvol verduur ten einde hulle ondersoekende oordeel te slaag? Die antwoord is: Die merk-van-die-dier-krisis met die toenemende vervolgingsdruk reg tot by die doodsdreigemente. Die tien maagde waak in die aand van hierdie aarde se geskiedenis. Almal beweer hulle is Christene. Almal het 'n roeping, 'n naam, 'n lamp en almal verklaar dat hulle God se werk doen. Almal wag blykbaar op Christus se verskyning. Maar vyf is nie gereed nie. Vyf sal verras en ontsteld buite die bruilofsaal wees.

Dit is die toets vir God se volk voordat hulle geseël sal word. Almal wat hulle lojaliteit aan God bewys deur Sy wet te onderhou en weier om die vals sabbat te aanvaar, sal onder die banier van God in gelid gestel word en sal die seël van die lewende God ontvang. Diegene wat die waarheid van hemelse oorsprong verwerp en die Sondag as sabbat aanvaar, sal die merk van die dier ontvang (Letter 11, 1890). - *Bible Commentary*, vol. 7, p. 976.

Slegs diegene wat hierdie volle vervolgingspakket deurstaan en wat tot die **volle koring in die aar** ryp geword het, sal geseël word. Hulle sal die oordeel van die lewendes slaag. Hulle sondes sal uitgedelg word en hulle name in die Boek van die Lewe behou word. Dan beëindig Jesus Sy hoëpriesterlike bedieningsamp.

2. Dr. Elliot Douglas: *The Loud Cry of the Third Angel*, pp. 187-235.

3. Trek die Wapenrusting van God aan

Die stryd van die geeste neem in intensiteit toe soos ons die einde van tyd nader. Daar is ongevalle oral rondom ons. Die duiwel gebruik al sy geslepenheid en listigheid - sy gemeenheid en haat. Hy slinger sy wapens na diegene wat Jesus volg. Hy probeer hulle intimideer. Maar ons moet altyd onthou dat God vir ons asemrowende beloftes van beskerming en bemoediging gegee het.

Wetende dat ons baie moeilike tye naby die einde in die gesig sal staar, het Paulus vir ons 'n God-geïnspireerde plan van beskerming geskets: *Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas.....*

1. *Julle lendene met die waarheid omgord.*
2. *Met die borswapen van die geregtigheid aan,*
3. *En as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.*
4. *Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*
5. *En neem aan die helm van verlossing*
6. *En die swaard van die Gees - dit is die Woord van God -*
7. *Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees,*
8. *En juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges. - Efesiërs 6:10-18.*

Twee keer in hierdie gedeelte word ons aangeraai om nie slegs die wapenrusting van God aan te trek nie, maar die volle wapenrusting van God. Ons moet gebruik maak van elke voorsiening wat God vir ons beskerming gemaak het, sodat ons geen kwesbare plekke of gebiede het nie. Ons verdediging is net so sterk as ons swakste plek. Die volle wapenrusting is al agt aanbevole items. Die wapenrusting is die **wapenrusting van God**, omdat Hy dit vir ons voorsien. En Hy vra ons om dit aan te trek en die goeie stryd van geloof te stry. God waarborg die doeltreffendheid van Sy wapenrusting. Dit is die enigste wapenrusting wat ons in staat stel om teen die duiwel staande te bly.

1. *Met die waarheid omgord*

Diegene wat beplan om aan die wenkant in die stryd tussen goed en kwaad te wees, moet op die fondament van die waarheid staan. **U Woord is waarheid.** Dit is nie dweepsug of selfgeregtigheid om met ander te deel wat jy glo die waarheid is nie. In der waarheid is dit geheel en al selfsugtig om dit nie met ander te deel nie. Om die waarheid te sê, as 'n persoon glo dat sy kerk se leerstellings nie die waarheid leer nie, dan

behoort hy biddend te soek na een wat dit wel doen. Ons word aangemoedig om in **liefde by die waarheid [te] bly** (Efesiërs 4:15), maar dit moet gesê word. Paulus vra: **Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?** - Galasiërs 4:16.

Ons daaglikse gebed behoort die van koning Dawid te wees: **Leer my, Here, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam.** - Psalm 86:11.

Ons kan die betekenis van ons lewensreis herken en waar ons in die tydstroom is slegs as ons God se Woord, wat Hy sê die waarheid is, ernstig oorweeg (Joh. 17:17). Dit is natuurlik vir niemand moontlik om te sê dat sy/haar "waarheid" die volledige feite omtrent alles is nie. Maar wanneer dit by geestelike sake en die weg na ons ewige bestemming kom, het God vir ons aanwysings in Sy Woord en deur Sy lewe gegee wat Hy sê albei die waarheid is. In geestelike sake dan, deur God se genade, kan ons weet wat die waarheid is. Waarheid is wat God sê dit is. Ons het Sy Woord daarvoor.

Soos die eindtyd stryd feller word, behoort ons vriende in die Kerk ons naaste mense op aarde te wees. Die band tussen Christene behoort deur die Gees van God gesement te wees. Sommige het hulle familie verlaat, of is deur hulle in die steek gelaat, as gevolg van hulle Christelike toewyding. Soos Jesus gesê het, hulle het ons broers en susters geword. Sulke mense hou daarvan om bymekaar te kom vir Christen-kameraadskap en, in der waarheid, word aangemoedig om dit te doen. **Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.** - Hebr. 10:25.

Elkeen van ons wys ons belangstelling in die voorspoed van die Kerk deur onself met die Kerk te identifiseer en werk saam met ons medegelowiges

vir die voltooiing van die Groot Opdrag. Presies omdat eenheid so 'n positiewe seën vir die Kerk en 'n getuienis vir die wêreld is, werk Satan hard om verdeling teweeg te bring.

Eenheid is baie belangrik, maar die eenheid waarvan Christus gepraat het, was eenheid van geloof en leerstellings wat op die basis van waarheid gebaseer is. Ware eenheid kan nooit ten koste van die waarheid wees nie. Waarheid is belangriker as eenheid. Dit is die werk van God se Gees om eenheid te bring en om ons in die hele waarheid te lei. Dienooreenkomstig kan ons nie Gees-geïnspireerde eenheid sonder die waarheid hê nie.

Daar is vandag baie oproepe vir Christene om met een of ander groot ekumeniese kerk te verenig of om "denominasie grense" te laat vaar en een gelukkige Christen-familie te word. Op die oog af klink dit goed, maar laat ons onthou dat God in die laaste dae die Kerk geroep het om eenheid op die platform van die waarheid te handhaaf. Die laaste boodskap aan die wêreld en van diegene in afvallige godsdienste is: **Gaan uit haar uit, My volk.** - Openb. 18:4. Jesus het gebid dat Sy volgelinge een mag wees, maar ons mag nie die waarheid opoffer om hierdie eenheid te verseker nie, want ons moet deur die waarheid geheilig word.

1.1 *Waarheid of tradisie*

Daar is goeie tradisies en daar is slegte tradisies; net soos daar goeie en slegte gewoontes is. Die standaard van Bybel-waarhede skets watter leringe is reg en watter is verkeerd. Sowel die Ou- en die Nuwe Testament sê dit vir ons. **Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.** - Jesaja 8:20. **Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.** - 2 Tim. 3:16.

Alle ware Christene is gretig om deur die Gees van God gelei te word. Maar omdat daar ook baie geeste is, word ons vermaan: **Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.** - Joh. 4:1. Ons moet leringe en geeste aan die Woord van God toets. Ja, die Skrif plaas alles in orde! Dit is altyd ons standaard van laaste toevlug. Jesus noem diegene wat tradisie bo die Skrif stel geveinsdes! **Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas.** - Markus 7:6-8. Soos ons gereedmaak om ons Verlosser te ontmoet, ons lewens leef en met ander deel, moet ons seker wees dat ons godsdienservaring geen tradisies het wat in teenstelling met die Skrif is nie.

1.2 *Die waarheid maak saak*

Tussen die wette van mense en die wet van God sal die laaste groot konflik in die stryd tussen waarheid en dwaalleer kom. Ons gaan nou hierdie slagveld binne. Hierdie stryd is nie tussen mededingende kerke wat om oppermag meeding nie, maar tussen die godsdiens van die Bybel en die godsdiens van fabel en tradisie. Die magte wat teen die waarheid verenig het, is nou aktief aan die werk. God se Heilige Woord, wat aan ons nagelaat is teen so 'n hoë prys van lyding en bloedvergieting, word deur baie min waardeer. Daar is baie min wat dit werklik as 'n lewensreël aanvaar. Baie wat hulleself Christene noem, het die leerstellings wat die pilare van die Christelike geloof is, ontken. Die groot feite van die Skepping, soos deur die geïnspireerde skrywers aangebied, die val van die mens, die verlossing, die ewigdurendheid van God se wet - hierdie is prakties deur baie wat belydende Christene is, verwerp.

Maar dank God miljoene manne, vroue en jongmense vra vandag ernstig: "Wat is die waarheid?" En aan hulle sê Jesus: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.** - Joh. 14:6. En weer, in Sy gebed tot Sy Vader, het Jesus, gesê: **En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.** - Joh. 17:3.

In sy eerste brief gebruik Johannes reguit taal om die waarde van waarheid te beklemtoon: **Iemand wat sê: Ek ken Hom, maar nie Sy gebooië gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.** - 1 Joh. 2:4. Vir God is gehoorsaamheid aan die gebooië en die weg van waarheid een en dieselfde. Dit behoort vir ons ook so te wees.

2. *Die borswapen van geregtigheid*

Baie kommentators is van mening dat die borswapen van geregtigheid die ekwivalent is van die kleed van geregtigheid waarvan so dikwels in die Bybel gepraat word. Een vers maak 'n direkte vergelyking: **Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser.** - Jesaja 59:17. As deel van 'n soldaat se wapenrusting beskerm die borswapen die hart. Net so bewaar geregtigheid die lewe van die gelowige en beskerm die "noodsaaklike organe" van ons geestelike lewe.

2.1 *Die kleed van geregtigheid*

Daar is talle verwysings in die Bybel na die kleed wat deur diegene gedra moet word wat gered is en na die ewige koninkryk geneem word. Hierdie kleed van geregtigheid is dieselfde as die bruilofskleed in die Nuwe Testament.

Jesaja beskryf sy blydskap omdat hy so 'n kleed ontvang het: **Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel - soos 'n**

bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele. - Jes. 61:10.

Slegs die Skepper kan die kreatiewe werk van transformering in ons lewens bewerkstellig. Hy is gewillig en in staat om dit te doen. **En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus. Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen. - 1 Thess. 5: 23,24.** Ons heiligmaking is die werk van God. Alhoewel, God maak ons nie heilig sonder ons deelname nie. Ons moet onself in die kanaal van die Heilige Gees se werking plaas, wat ons kan doen deur Christus te aanskou. Soos ons oor Christus se lewe nadink, Sy Woord bestudeer en met ander deel wat God vir ons gedoen het, herstel die Heilige Gees ons fisieke, verstandelike en geestelike vermoëns. **Na Sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees. - Titus 3:5.**

Daar is geen sin daarin om "wedergebore" te wees as ons net maar voortgaan om te leef soos ons geleef het voordat ons Christus aanvaar het nie. In die ware nuwe-geboorte proses, deur die Heilige Gees teweeggebring, vind 'n ware transformasie plaas. As ons met Hom saamwerk, sal God ons gevalle nature na Sy beeld verander deur ons wil, verstand, begeertes en karakters te transformeer.

Kan ek weet dat ek van die dood na die lewe oorgegaan het? Die antwoord is JA: Ek kan so sê as my lewe verander is.

3. Die bereidheid vir die evangelie van vrede

Wanneer die skoene aan ons voete die bereidheid vir die evangelie van vrede is, kan ons midde-in die stryd ferm staan. Die spanninge van hierdie lewe, selfs wanneer ons nie in die hitte van die stryd is nie, kan bykans oorweldigend wees. In der waarheid, sonder die wonderlike beloftes van

God se Woord, sal die mens se hart van vrees beswyk. Maar ons het die belofte: **U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.** - Jes. 26:2.

Hierdie stuk wapenrusting gee ons geestelik 'n goeie vastrapplek, omdat ons vertrou en versekering het in wat God vir ons gedoen het en wat Hy vir ons voorsien het. In plaas van bekommernis omtrent die behoeftes van die lewe, moet ons aan die raad van Jesus aandag gee: **Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.** - Matt. 6:33.

Daar is niks soos twyfel om ontmoediging teweeg te bring nie. Aan die ander kant, die versekering wat God bied, bring die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ons kan weet van die voorsienings deur ons Opperbevelhebber gemaak en seker wees dat ons aan die wenkant is en dat ons aan die einde oorwinnend sal wees.

4. *Neem die skild van die geloof op*

Vir hulle wat in Bybelse tye geleef het, was die skild die primêre stuk wapenrusting. In die Christelike oorlogvoering word dit die skild van die geloof genoem. **Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.** - 1 Joh. 5:4.

Ons geloof is aktief, soos die skild wat die vurige pyle afweer. Dit is ook passief daarin dat dit in God vir bevryding vertrou. Wanneer versoekings kom, is dit geloof wat in God vir oorwinning vertrou en 'n persoon in staat stel om die stryd voort te sit. Hierdie stuk wapenrusting is so belangrik dat die Bybel sê: **En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.** - Hebr. 11:6.

Die skild van geloof stop die pyle van versoeking voordat hulle die kwesbare dele van die geestelike liggaam bereik. Dit was geloof wat die hero's van God in staat gestel het om vir God uit te blink (Heb. 11). "Ons is heeltemal te geloofloos en te eng in ons uitkyk. Gideon se weermag het die oorhand gekry, nie as gevolg van hulle getalle nie, maar omdat hulle geloof geleef het, het hulle die spesiale aanwysings van God gevolg." - *Gospel Workers* (1892), p. 297. En so kan ons ook by die lys van God se getroues aansluit. "Deur ons vertrouwe in God te stel moet ons vasberade voorwaarts beweeg. Ons moet Sy werk met onselfsugtigheid, in nederige afhanklikheid doen. Onself, en alles wat ons huidige en toekoms betref, aan Sy voorsiening toewy. Die begin van ons vertrouwe tot die einde vashou en onthou dat ons die seëninge van die hemel ontvang, nie as gevolg van ons verdienstelikheid nie, maar as gevolg van Christus se verdienste en ons aanvaarding, deur geloof in Hom, van God se oorvloedige genade." - *God's Amazing Grace*, p. 38.

5. *Die helm van verlossing*

Die hoof benodig spesiale beskerming gedurende oorlog, omdat die wil en die intelligensie daaruit voortkom. Die helm is ontwerp, sodat die liggaam behoorlik kan funksioneer.

Paulus suggereer in 1 Thess. 5:8 dat die helm **die hoop op die saligheid** is. Hoop is 'n primêre motiveerder van die mensdom. Dit is hoop wat help om ons tot getrouheid te motiveer soos ons op die Tweede Koms wag. *Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid ver wag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.* - Titus 2: 11-13.

6. *Die Swaard van die Gees*

Die swaard word sowel offensief as defensief gebruik. In die gedeelte in Efesiërs word die swaard as die Woord van God gedefinieer. Die Bybel is ons offensiewe wapen in die stryd teen Satan en sy bose geeste. Dit is ons offensiewe wapen soos ons die evangelie na elke persoon op aarde neem. En dit word ons defensiewe wapen om ons teen die aanvalle van Satan te beskerm. Omdat al agt die stukke wapenrusting noodsaaklik is, word ons aangemoedig om die "volle wapenrusting" van God aan te trek. Maar so baie raad betreffende hierdie element van ons wapenrusting is gegee dat dit die belangrikste blyk te wees. Ons word byvoorbeeld gewaarsku: "Die volk van God word na die Skrifte as hulle beskerming teen die invloed van vals leermeesters en die misleidende krag van geeste van die duisternis verwys. Satan gebruik elke moontlike middel om mense te verhoed om kennis van die Bybel te bekom, want die Bybel se duidelike uitsprake openbaar sy misleidings. By elke herlewing van God se werk word die prins van duisternis tot intenser aktiwiteit aangespoor. Hy span nou sy uiterste pogings in vir 'n finale stryd teen Christus en Sy volgelinge. Die laaste groot misleiding sal binnekort voor ons oopgaan. Antichris gaan sy wonderbaarlike werke voor ons oë doen. So naby sal die vervalsing na die ware lyk dat dit onmoontlik sal wees om tussen hulle te onderskei, behalwe deur die heilige Skrifte. Elke verklaring en elke wonderwerk moet aan die getuienis van die Bybel getoets word." - *The Great Controversy*, p. 593.

Die verstand en die siel word opgebou deur dit waarop dit voed en dit berus by ons om te bepaal waarmee dit gevoed word. Van elke mens wat bevoorreg is om toegang tot die Skrifte te hê sê God: **Ek het hom tienduisende leringe van my wet voorgeskrywe.** - Hosea 8:12. **Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.** - Jer. 33:3.

Diegene wat tyd in die Woord van God spandeer, sal die stem van God herken. As ons regtig wil weet wat die waarheid is soos ons die Woord van God ondersoek, moet ons met 'n oop en ontvanklike verstand lees. Ons verlossing hang van 'n kennis van die waarheid in die Skrifte vervat af. Dit is God se wil dat ons dit sal besit. Open verstand en hart, sodat jy wonderbaarlike dinge uit God se Woord mag aanskou.

7. Bid by elke geleentheid in die gees

"Ons hemelse Vader wag om die volheid van Sy seënige op ons uit te stort. Dit is ons voorreg om diep te drink uit die fontein van Sy oneindige liefde. Hoe verbasend dat ons so min bid! God is bereid en gewillig om die opregte gebed van die nederigste van Sy kinders te verhoor en tog is daar so 'n traagheid van ons kant om ons behoeftes aan Hom bekend te maak. Wat moet die engele van die hemel dink van arme, hulpelose mensekinders wat blootgestel is aan versoeking en tog so min bid en so min geloof het, terwyl die hart van God, vol oneindige liefde, verlang na hulle en bereid is om aan hulle te gee meer as wat hulle ooit kan bid of dink? Die engele skep behae daarin om hulle voor God neer te buig; hulle wil graag naby Hom wees. Hulle beskou gemeenskap met God as hulle hoogste genot; en nogtans skyn dit asof die kinders van die aarde wat die hulp, wat net van God kan kom, so nodig het, tevrede is om sonder die lig van Sy Gees en die gemeenskap van Sy teenwoordigheid te wandel.

Die duisternis van die Bose bedek diegene wat nalaat om te bid. Die influistering van die vyand verlei hulle tot sonde; en dit net omdat hulle nie gebruik maak van die voorregte wat God hulle deur gebed wil skenk nie. Waarom moet die seuns en dogters van God traag wees om te bid, terwyl gebed die sleutel in die hand van die gelowige is wat die skatkamers van die hemel oopsluit, waar die onbepaalde rykdom van die Almagtige gebêre is? Sonder gedurige gebed en waaksaamheid loop ons gevaar om agterlosig te word en van die regte pad af te dwaal. Die teenstander is

gedurig daarop uit om die weg tot die genadetroon te versper, sodat ons nie deur vurige gebed en geloof genade en krag kan ontvang om versoeking te weerstaan nie." - *Skrede na Christus*, pp. 81, 82.

Daar is sekere voorwaardes waarvolgens ons kan verwag dat God ons gebede sal verhoor:

1. Ons moet ons behoefte aan Sy hulp besef.
2. Ons moet sonde uit ons lewens verban.
3. Ons moet geloof hê dat God kan doen wat Hy sê Hy kan doen.
4. Ons moet 'n gees van liefde en vergifnis in ons eie harte hê.
5. Ons moet volhardend in ons versoeke wees.
6. Ons moet helder/duidelike beskouings van Jesus en ewige realiteite hê.
7. Ons moet in die naam van Jesus bid.
- *Skrede na Christus*, pp. 82-90.

8. *Waak met alle volharding*

Om waaksaam te wees beteken om wakker en oplettend te wees. In die Evangelies bemoedig Jesus Sy volgelinge om vir twee primêre redes te waak. Waak, sê Hy dat jy vir die Tweede Koms gereed sal wees; en waak sodat jy nie in versoeking kom nie. *Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlg en voor die Seun van die mens te staan.* - Luk. 21:34-36.

Ons word aangesê om vir "tekens" van die Tweede Koms te waak, sodat ons kan weet wanneer dit naby is. In die Bybel is "tekens" en "wonders"

dikwels verbind as bonatuurlike gebeure wat aandui dat God aan die werk is.

Die wapenrusting van God is vir elkeen beskikbaar. Ons kan in die worstelinge en strydsperke van die lewe suksesvol wees slegs as ons die wapenrusting gebruik. Mag God ons help om vir die erns van hierdie belangrike aanbod wakker te word.

3. G. Edward Reid: *Battle of the Spirits*, pp. 207-226.

4. *Leef Christus-gesentreerd*

Dawid het gesê: **Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.** - Psalm 16:8.

Toe die apostel Paulus aan 'n groep Christene geskryf het wat in 'n soortgelyke tyd as ons s'n geleef het, het hy hulle gehelp om hulle geestelike middelpunt te vind. *Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strew na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.* - Kol. 3:1-4.

In Paulus se laaste verklaring, in vers vier, is daar 'n verwysing na Christus se wederkoms, so ons weet dat ons op die regte koers is. Praktiese instruksies volg profetiese insigte. Wat Paulus vir die gelowiges in Kolossense geskryf het, het hy vir ons geskryf.

Rig julle harte op Christus

Ons weet ons is vir die hemel bestem. Ons besef ons is burgers van 'n ander wêreld. Daarom moet ons ons harte rig op die dinge van God wat perfek en mooi is, eerder as die dinge van hierdie wêreld wat in wanorde is selfs gedurende die beste van tye. Toe Paulus hierdie verklaring geskryf het, het hy 'n werkwoord gebruik wat beteken "hou aan om dit te doen", in teenstelling met 'n eenmalige handeling. Met ander woorde, dit is nie "dink aan die hemel op hierdie oomblik" nie. Dit is, "Hou aan om jou verstand in God en Sy Woord gedompel te hou, die hele tyd." Dit is 'n dissipline wat te min van ons baasgeraak het: die kuns van hemelgesentreerde denke. Sommige noem dit die beoefening van die teenwoordigheid van God.

Dit is nodig dat ons dit verstaan, want dit beteken om "ons harte te rig." Volgens Paulus beteken dit dat ons ons begeertes en gedagtes, wense en denke, al ons emosionele en intellektuele energie hemelwaarts gerig moet hou, waar Christus aan die regterhand van God sit.

Dink vir 'n oomblik aan 'n kompas wat jy op 'n staptog dra. Jy kan jou voete in enige rigting draai, maar die pyl van die kompas sal getrou na die magnetiese noorde wys. So sal jy nooit verdwaal nie, die kompas sal jou posisie vir jou regstel. In die lewe is Christus ons ware rigtingwyser. In watter rigting ons wêreld se pad mag kronkel, hoe ons ook al mag swerf, moet ons lewens getrou wys na die een en enigste Here van elke plek, elke tyd, elke situasie. Wanneer Hy ons rigtinggewende punt is, sal alles hulle regte oriëntasie vind.

Ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus. - Fil. 3:20.

Christene is nie burgers van die aarde wat probeer om hemel toe te gaan nie, maar burgers van die hemel wat hulle weg deur hierdie wêreld baan.

Rig julle gedagtes op Christus

Ons het dinge van die hart bespreek; kom ons praat nou oor die verstand. Ons harte op Christus gerig, beteken dat ons wil, ons emosies, ons verwagtinge en drome op Hom gesentreer is.

Die frase **rig julle gedagtes** (vs. 2 nuwe vertaling) is 'n positiewe bevel, maar dit is vergesel deur 'n waarskuwing teen die negatiewe: **Strewe na die dinge daarbo..... nie op die dinge wat op die aarde is nie.** - Kol. 3:1-2. Paulus sê nie vir ons om af te sien van ons fisiese uitdagings en daaglikse take, terwyl ons sit en peins oor die hemel en engele nie. Hy sê dat ons grootste belang moet met hemelse werklikhede en waardes wees, beheer deur die teenwoordigheid en krag van Christus wat aan die regterhand van God sit.

In sy brief aan sy vriende in Korinte gee Paulus vir ons 'n hemelse perspektief op aardse dinge: **Ek meen dat, met die oog op die swaarkry van die eindtyd..... Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan.** - 1 Kor. 7:26,31.

Kyk eerstens na Christus en doen dan die berekening om te weet hoe om in hierdie wêreld te funksioneer. Jy moet in hierdie wêreld vir 'n tyd lank lewe. Leer om met die psalmis te sê: **Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.** - Psalm 73:25.

Om die dissipline om ons harte en verstande op Christus te rig, sal vereis dat ons fokus. Hier, uit Paulus se geskrewe woorde aan die Kolossense, is drie waarhede wat ons sal help om Christus-gesentreerd [gefokus, gerig] te wees.

Fokus op Sy verbondenheid aan jou

Kolossense 3:1-4 sê: **Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is.... julle lewe is saam met Christus verborge..... sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.**

Die woord "met" is hier baie belangrik binne die raamwerk van ons denke. "Met" is 'n woord van verbinding, ons lewenslyn met Christus. Toe Hy gesterf het, het ons saam met hom gesterf. Toe Hy begrawe was, was ons ook. En ons deel in Sy glorieryke opstanding en om eendag saam met Hom in Sy koninkryk in die hemele te kan wees.

Wanneer die Bybel sê Jesus het vir ons gesterf, beteken dit nie gewoonweg dat Hy ter wille van ons gesterf het nie; dit beteken Hy het in ons plek gesterf. Hy het gesterf waar ons moes gesterf het. Net soos Adam die persoonlike beliggaming van ons val in sonde was, was Christus die persoonlike beliggaming van ons verlossing en heerlikheid. **Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.** - 1 Kor. 15:22. Ons het saam met Adam geval, maar ons is saam met Christus opgewek.

Op 'n dag het Martin Luther 'n klop aan sy deur beantwoord, "Is dit dr. Martin Luther wat hier bly?", het die besoeker gevra. "Nee", het Luther geantwoord, "hy het gesterf. Christus lewe nou hier." Kan ons verstaan dat hierdie waarheid presies so radikaal is? Die ou jy is dood en in die graf; die nuwe jy is opgewek om in die nuutheid van lewe te wandel en om oorwinnend vir Christus te lewe. Hoekom neem jy nie vandag 'n paar oomblikke en dink diep na oor hierdie waarheid nie?

Ek is die wynstok, julle die lote. - Joh. 15:5. Die Wonderlike gelykenis van die Wynstok - wat die geheime van die Goddelike liefde, van die hemelse lewe, van die Heilige Gees openbaar. Laat ek in Sy wonderskone

lig die wonderbare eenheid tussen Jesus en Sy volk bestudeer totdat dit vir my die gids word tot volle kameraadskap met my geliefde Here. Laat ek luister en glo totdat my hele wese uitroep, "Jesus is inderdaad vir my die Ware Wynstok, wat my dra, wat my voed, wat vir my voorsien, wat my gebruik en my tot oorlopens toe vul om my oorfloedige vrugte te laat voortbring." Dan sal ek nie vrees nie om te sê, "Ek is inderdaad 'n loot van Jesus, die Ware Wynstok, wat in Hom bly, op Hom wag, Hom dien en slegs lewe dat Hy deur my, ook, die rykdom van Sy genade kan te voorskyn bring en Sy vrug aan 'n verlore gaande wêreld kan gee."

Dit is wanneer ons aldus probeer om die betekenis van die gelykenis te verstaan dat die geseënde gebod in verband daarmee tot ons in sy ware krag deurdring. Die gedagte aan wat die Wynstok vir die loot is en Jesus vir die gelowige, sal nuwe krag aan die woorde **Bly in My** gee (v.4). Dit sal wees asof Hy sê: Ek het Myself onafskeidbaar aan jou verbind; al die volheid en vrugbaarheid van die Wynstok is inderdaad joune. Wanneer jy in My bly wees verseker dat alles wat Ek het joune is. Dit is My aanspraak en My eer dat jy 'n vrugbare loot moet wees - bly net in My. Jy is swak, maar ek is sterk; jy is onvrugbaar, maar Ek is vrugbaar. Bly net in My; gee jouself volledig aan My lering en beheer oor; vertrou net My liefde, My genade en My beloftes. Glo net; Ek is die Wynstok, jy is die loot. Bly in My.

Wat sê jy, o my siel? Sal ek langer huiwer of instemming weerhou? Of wil ek nie, in plaas daarvan om slegs te dink hoe moeilik dit is om soos 'n loot van die Ware Wynstok te lewe, omdat ek daaraan gedink het as iets wat ek moet bewerkstellig - nou daarna begin kyk as die geseëndste en vreugdevolste ding onder die hemel nie? Van my kant is bly-in niks anders as die aanvaarding van my posisie, die instemming om daar gehou te word, die oorgawe in geloof aan die sterk Wynstok om steeds die swak loot vas te hou nie. Ja, ek wil, ek bly in U, geseënde Here Jesus.

O Verlosser, hoe onuitspreeklik is U liefde! **Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip** – Ps. 139:6. Ek kan maar net myself aan U oorgee met die gebed dat, dag na dag, U aan my iets van die kosbare misterieë sal ontvou en sodoende U liefhebbende dissipel bemoedig en versterk om te doen wat sy hart inderdaad begeer om te doen – altyd, slegs, om volledig in U te bly. – Andrew Murray: *Prayer*, pp. 31-32.

Fokus op Sy beheer oor alles wat jou raak

Watter beeld kom in jou gedagtes wanneer jy aan Jesus dink? Bedink jy die opgestane en opgevaarde Here, die glorieryke Een in wie se Naam **elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.** – Fil. 2:10-11.

Geestesbeelde maak 'n verskil. Die werklikheid is dat Jesus opgestaan het, dat hy aan die regterhand van die Vader sit en dat wanneer ons Hom weer sien, Hy in al Sy prag/heerlikheid geopenbaar sal wees. Wanneer ons ons aandag op daardie Here vestig, op Sy mag en gesag styg ons geloof.

Ons Here is tot die troon verhef in die sentrum van hierdie heelal en beheer alle dinge. Al die nasies, al die skepsele sal voor Hom buig. Onder Sy beskerming, het ons iets te vrees?

Selfs wanneer dit lyk of die wêreld buite beheer tol, wees kalm: dit is slegs hoe dit lyk. In werklikheid is God steeds op Sy troon en in die woorde van daardie ou geestelike lied: "He's got the whole world in His hands."

Fokus op Sy sorg vir jou

Kolossense 3:3 sê: **Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.**

Verborg. Net soos jou hand 'n roosknop saggies toevou, so vou God se hand jou saggies toe - weer, **met Christus**. Die frase is **met Christus in God**. Ek kan verseker nie dink aan 'n veiliger plek om te wees nie.

Ek voel nie veilig oor my eie vermoëns nie. Maar in Christus voel ek uiters veilig en beskerm. Hy is my rots, my skuilplek in 'n tyd van storms.

Let op dat ons nie beveel word om onself in God te versteek nie. Jou lewe is **verborg**. Met ander woorde - voltooi! Dit is 'n voldonge feit, 'n hier-en-nou sekerheid, nie iets om angstig voor te hoop nie. As jy 'n Christus-volgeling is, dan is jy met Christus, in God, en jy is uiteindelik vry en veilig. Volgende keer wanneer jy bekommerd voel, gaan êrens heen en peins daaroor.

Ons sekuriteit word nie in die dinge van die wêreld gevind nie, maar in ons posisie met Christus, in God - waar ons **verborg** is.

Vier maniere om Christus-gesentreerd te lewe

Hopelik het ek jou oortuig van die belangrikheid om Christus-gesentreerd te lewe. Indien wel, dan mag jou vraag wees: Presies hoe gaan ek van aarde-gesentreerd te wees na hemel-gesentreerd? Hier is vier voorstelle om jou te help in jou strewe na Christus-gesentreerdheid:

Soek God se wil. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. - Matt. 6:33.

Sommige mense lees dit agterstevoor [met ander woorde, die laaste gedeelte eerste]. Geseënd is diegene wat dit lees soos dit is, soos dit bedoel is, soos die waarheid sal gebeur. 'n Sendeling het dit so gestel: Sorg vir die dinge wat vir God belangrik is en Hy sal sorg vir die dinge wat vir jou belangrik is.

Onderzoek God se Woord. Om Christus-gesentreerd te wees vereis dat ons op God se Woord gefokus moet wees. Die liefde van Christus is die sterkste noodsaak om die Skrifte te ken en as ons min begeerte vir die Bybel het, moet ons vra of ons inderdaad die Verlosser ken. Met ander woorde, ons verhouding met die Bybel weerspieël ons verhouding met Christus.

Wandel met God deur gebed. **Henog het nog driehonderd jaar met God gewandel. En hy het seuns en dogters gehad. En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.** - Genesis 5:22-24.

Terwyl ons met ons daaglikse werk besig is, moet ons ons harte na die hemel in gebed ophef. Hierdie stille versoeke styg soos reukwerk voor die troon van genade; en die vyand is verbyster. Die Christen wie se hart aldus op God gevestig is, kan nie oorwin word nie. Geen bose listigheid kan sy of haar vrede vernietig nie. Al die beloftes van God se Woord, al die krag van Goddelike genade, al die bronne van Christus word ingespan om sy of haar bevryding te verseker.

Gebed is die asem van die siel. Dit is die geheim van geestelike krag. Geen ander middel van genade kan dit vervang en die welstand van die siel bewaar word nie. Gebed bring die hart in onmiddellike kontak met die Fontein van lewe en versterk die geestelike ervaring. Verwaarloos die beoefening van gebed, of bid met rukke en stote, af en toe, soos dit gerieflik is, en jou verhouding met Jesus sal daaronder ly.

Dit is iets wonderliks dat ons effektief kan bid, dat onwaardige, fouterende sterweling die voorreg het om hulle versoeke tot God te rig. Watter hoër krag as dit kan 'n mens begeer - om met die ewige God verbind te wees? Swak, sondige mense het die voorreg om met hulle Skepper te praat. Ons kan woorde uiter wat die troon van die Monarg van

die heelal bereik. Ons kan met Jesus praat op ons lewenspad en Hy sê, Ek is aan jou regterhand.

Ons kan met God in ons harte sielsgemeenskap hê; ons kan in kameraadskap met Christus wandel. Wanneer ons in ons daaglikse arbeid betrokke is, kan ons ons hartsbegeerte uitadem, onhoorbaar vir enige menslike oor, maar daardie woorde kan nie in stilte wegsterf nie, dit kan ook nie verlore gaan nie. Dit is God met wie ons praat en ons gebed word gehoor. - *Messages to Young People*, pp. 249-250.

Ondersteun God se werk. Ons laaste geheim om Christus-gesentreerd te wees is so eenvoudig, so kragtig en so dikwels vergete. Gaan eenvoudig na waar Sy werk is - en as jy nie daarheen kan gaan nie, vind ander maniere om betrokke te raak.

In Sy bergpredikasie sê Jesus: *Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.* - Matt. 6:19-21. Ons kan dit 'n beleggingsmanifes vir die kinders van die Koninkryk noem. Stort jouself in ewige dinge, dinge wat die onsigbare wêreld beïnvloed.

Jesus sê dat ons harte van nature ons skatte volg. Wat ons die meeste waardeer, is 'n magneet vir ons gedagtes en emosies. Daarom moet ons leer om God se dinge die meeste te waardeer. Hoe meer ons onself vir Sy doeleindes gee, hoe meer Christus-gesentreerd sal ons word.

Dit mag eenvoudig wees, maar dit is ook 'n saak van gehoorsaamheid. Is jy gewillig om jou bronne hier toe te wys om jou hart en verstand te help om op Christus te sentreer? Dit sal elke keer werk. Hoe meer jy vir Sy saak gee, hoe meer op Hom gesentreerd word jy.

Daar is baie ander maniere om Christus-gesentreerd in chaotiese tye te bly. Maar as ons begin om Hom eerste te soek en die Skrifte ondersoek, as ons onthou dat ons hart ons skat volg en ons investeer daardie skat in die dinge daarbo, sal ons goed op pad wees om Christus-gesentreerd te wees.

Geen vlak van vervolging, geen koerantopskrifte sal dan ons vrede, vreugde en liefde besoedel nie. Gee Christus jou verstand en jou hart. Investeer jouself in die dinge wat vir Hom saak maak. Jy sal daar 'n hele nuwe wêreld vind, een wat perfek en liefdevol deur ons Here regeer word - baie gou sal jy verstaan dat die gebeure van hierdie aardse lewe net so stewig in Sy wonderlike hande is.

Oordink ook die volgende in jou strewe om 'n Christus-gesentreerde lewe te leef:

Ons oë na bo gerig. Kyk soos die oë van die diensknegte is op die hand van hulle heer, soos die oë van die diensmaagd is op die hand van haar meesteres - so is ons oë op die Here onse God, totdat Hy ons genadig is. - Psalm 123:2.

† Onthou dat ons **diensknegte van onse God** is. - Openb. 7:3.

† **Die Lam volg waar Hy ook al gaan.** - Openb. 14:4.

† Ag slaan op Jesus se woorde: **As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.** - Lukas 9:23.

† Ag slaan op Paulus se vermaning aan die Filippense: **Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat**

loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. - Fil. 3:8.

† Die apostel Johannes waarsku ons om teen die volgende drie dinge te waak: *Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe [gesteldheid op besit] - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.* - Joh. 2:15-17.

† **Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.** - Gal. 2:20.

† Die Here sê vir Josua: **Maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan.** - Josua 1:2. Josua en die volk moes hulle klaarmaak om deur die fisiese Jordaan te trek om die beloofde land in besit te neem. God se volk is nou op die walle van die geestelike Jordaan. Sy volk moet wag en waak en bid op Sy wederkoms. Hy sê ook nou: **Maak [julle] klaar om die beloofde land te kan binnegaan!**

Daar mag vir jou nog ander kosbare tekste wees wat jou sal help om Christus- gesentreerd te lewe.

4. Dr. David Jeremiah, *Living with Confidence in a Chaotic World*, pp. 115-135.

5. Ernstige aandag aan die boodskap aan Laodicéa

Ten spyte van Laodicéa se diepgewortelde selfgenoegsaamheid en bedwelmende selfgeregtigheid, kyk Jesus nie na ons saak as hopeloos nie. Omdat Laodicéa se toestand geneesbaar is, bied Hy raad aan. Dit kom in drie dele wat almal in een ervaring kombineer. Jesus skilder Homself as 'n hemelse Handelaar wat van huis tot huis gaan om drie kosbare ware te verkoop:

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** In 1 Petrus 1:7 sien ons dat die goud wat deur vuur gelouter is, 'n aktiewe geloof verteenwoordig, geloof wat deur liefde werk (Gal. 5:6). Hierdie geloof reinig die hart wat onvoorwaardelik aan God oorgegee is en Sy aangebode geregtigheid verwelkom (kyk Handeling 15:9; Fil. 3:9). Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons geloof sal sterker en suiwerder groei soos ons dit in die louterende vuur van Sy Woord dompel en dit in die smeltkroes van die lewe se ervaring uitleef (Jer. 23:29; Jakobus 1:3; 2 Kor. 4:17,18).
2. **Wit klere.** Geestelike naaktheid is die resultaat van sonde. Die verlies van hulle kled van lig was Adam en Eva se eerste duidelike bewys dat hulle ongehoorsaamheid aan God 'n verandering in hulle lewens teweeggebring het. Onmiddellik het hulle vir hulle naaktheid probeer kompenseer deur rokke van vyeblare te maak. Hulle kon hulle fisiese naaktheid bedek, maar kon niks versin om die plek in te neem van die Goddelike geregtigheid wat hulle so onbesonne verbeur het nie.

Deur die evangelie bied Christus aan om ons geestelike naaktheid vir altyd te beëindig deur om ons die kosbare kleeed van Sy eie geregtigheid te hang. Hierdie geregtigheid is nie net 'n uiterlike bedekking nie, maar 'n inwewing van die hoedanighede van Christus se natuur in ons karakter. Deur genade word Goddelike geregtigheid integraal tot ons diepste wese. Sodoende is Christus se kleeed van fyn linne die **regverdige dade van die heiliges**. - Openb. 19:7,8. Nie geregtigheid wat die heiliges genereer, akkumuleer of menslik kultiveer nie, maar geregtigheid wat aan hulle as 'n Goddelike gawe toegeskryf en deelagtig gemaak is. **Dit is die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie**. - Rom. 3:22. Christus sal nie 'n geregtigheid [reg doen] aan ons toeskryf wat ons nie in ons lewens ontvang en geïnkorporeer het nie.

3. **Salf om jou oë te salf.** Simbolies verteenwoordig oogsalf die krag van helder onderskeiding wat slegs die Heilige Gees vir ons kan gee. God maak Sy Gees aan almal, wat gewillig reageer op die aanbiedinge van Sy liefde, deelagtig. Daardie gewillige reaksie kom tot uitdrukking in 'n begeerte om Jesus in 'n konstante dieper en ryker wyse te ken, lief te hê en te dien.

Jesus was met die Gees en met krag by Sy doop gesalf (Handelinge 10:38). Daardie selfde Gees salf ons met krag om so te leef en te dien soos Jesus gedoen het wanneer ons onself onderdanig stel aan die Gees se gesag soos Jesus gedoen het. Wanneer ons gesindheid sodanig is, dan sal Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese ook in ons vervul word.

....dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan

weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel. - Efesiërs 1:17-20.

So 'n gesalfde lewensvisie sal ons bewaar van geestelike strikke, stagnasie en traagheid. Afvallig word sal onmoontlik wees en lewensbelangrike vooruitgang verseker. Ons sal 'n diepe intimiteit met God geniet. Skriflesing sal 'n persoonlike onderhoud met 'n lewende God wees, eerder as 'n blote studie van geëerde getuienis deur antieke skrywers.

Die **oogsalf**, die Woord van God, maak die gewete seer onder sy aanwending, want dit oortuig van sonde. Hierdie pyniging is nodig, sodat die genesing kan volg en die oog enkelvoudig op die heerlijkheid van God kan fokus.

Om gesalfde oë te hê is om die lewe vanuit God se perspektief te aanskou. Dit is om mense te sien soos Hy hulle sien, om die gebeure van die lewe soos Hy te interpreteer. Dit is om vir Hom die opperste eerbied te hê.

Hulle wat honger en dors na God se kameraadskap, wat verlang om Sy stem, wat deur Sy Woord praat, te hoor en verlang om Sy weerkaatsing in al Sy skeppings te sien is die mense wat hulle oë met oogsalf salf, sodat hulle kan sien. Hulle verwelkom die Gees se kameraadskap en werk in hulle lewens, want dit is Sy werk om Christus te openbaar en Sy Woord tot lewe in ons ervaring te bring (Joh. 14:15,16,26). Hulle gehoorsaam God blymoedig, nie om verlossing of guns te verdien nie, maar omdat hulle deur Golgota alreeds Sy guns gevind het en geniet dit nou om die dinge te doen wat Hom plesier. In die proses ontdek hulle dat om Sy wil te doen ook hulle eie hoogste plesier word.

Christus begeer dat ons hierdie ervaring moet hê. Hy arbei om 'n bewustheid van Sy begeerte vir ons en ons behoefte aan Hom wakker te maak. Dit is hoekom Hy verklaar, **Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.** - Openb. 3:19. Hy sou ons nie uitnoui om berou te hê, tensy ons die vooruitsig gehad het om deur Sy genade verander te word nie. Soos met die kerk in Korinte, is dit ons voorreg om vuriglik berou te hê en, deur die geregtigheid van Christus, 'n posisie van ongekomplimiteerde guns met Hom te beklee (kyk 2 Kor. 7:8-12).

Die raad van die Waaragtige Getuie is vol bemoediging en troos. Die kerke mag die goud van waarheid, geloof en liefde verkry en ryk wees in hemelse skatte.

Maar hierdie kosbare skatte sal nie op ons sonder enige inspanning van ons kant neerdaal nie. Ons moet koop - ons moet vurig en berouvol omtrent ons louwarm toestand wees. Ons moet wakker word om ons verkeerdhede te sien, om vir ons sondes te soek en om dit van ons weg te werp. Ons kan dit slegs deur Christus, ons geregtigheid, tot stand bring. Dit is die verdienstelikheid van Christus wat ons moet verlos, Sy bloed wat ons moet reinig. As ons ons trots wegwerp en ons kleed in die bloed van die Lam was, dan sal Sy raad die volle, sielsverlossende effek in ons lewens hê. Ons sal dan toegeerus wees om as ligte in die wêreld te skyn en die drie engele se boodskap in die volle krag van die Heilige Gees te verkondig. Maar tensy ons ag slaan op die raad van die Waaragtige Getuie aan Laodicéa, watter evangeliebodskap het ons dan om aan enige iemand te bring? Die van 'n Verlosser wat ons nie ken nie, wie se stem en klop ons hoor, maar nie beantwoord nie?

Jesus staan al kloppende voor die deur van ons hart, nie met donderende aandrang nie, maar met die sagte, soet stem van 'n liefdevolle versoek vir toegang in ons lewens in. Wanneer ons Hom binnelaat, voed Hy ons met

die manna van waarheid, met die brood van Sy eie wese, daardeur maak dit ons deelnemers van die Goddelike natuur. Hy maak ons die bevrediging en bemagtiging van Sy heilige liefde deelagtig deur die Gees wat in ons woon en waak oor ons blymoedige, toegewyde harte. Dit is sielevoedsel voorwaar en vriendskap van Een wat hegter is as 'n broer.

Hy gee ons oorwinning deur die vry aangebode middele van Sy Woord, Sy Gees en Sy bloed (Openb. 12:11). En dan - wonder van bonatuurlike wonders - bied Hy ons 'n plek met Hom op Sy troon, die troon waarheen ons dikwels ons toevlug neem as 'n plek van skuiling en leiding, die troon van barmhartigheid en oordeel waar ons berouvol verskyn, ons sondes bely, Sy genade soek om rein, Goddelike lewens te leef volgens Sy gebod en belofte (Matt. 5:24, 48; 1 Thess. 5:23,24; 1 Tim. 5:24).

Christus se boodskap aan Laodicéa, terwyl dit meedoënloos is in sy diagnose van ons sondes en so direk soos die boodskapope van Elia en Johannes die Doper aan God se belydende volk, is vol belofte en hoop aan Laodicense wat berouvol is en Sy drievoudige raad aan Sy Kerk aanvaar. Dit is ons voorreg om onwrikbare geloof, onverganklike geregtigheid en 'n onblusbare toekomsblik deur die krag van 'n inwonende Christus te hê. Mag ons onmiddellik hierdie gawes aan Laodicéa met berou, dankbaarheid en lofprysing aanvaar.

5. Brian Jones: *Prophets of Fire. The Elijah message for the end time*, pp. 137-147.

6. Werklike Godvresendheid

Liewe Broeders en Susters: Dit druk swaar op my hart om aan julle te skryf. Weer en weer het ek myself bevind waar ek met julle in

my drome praat en in elke geval is julle in die moeilikheid. Maar wat ook al gebeur, moenie dat dit julle morele moed verswak en veroorsaak dat julle godsdiens tot 'n hartelose vorm degenereer nie. Die liefdevolle Jesus is gereed om oorvloedig te seën, maar ons moet 'n ervaring in geloof, in ernstige gebed en in blydschap in die liefde van God verkry. Sal enigeen van ons geweeg en te lig bevind word? Ons moet ons self ondersoek, op ons hoede wees vir die geringste onheilige ingewings of aansporings van ons natuur, sodat ons nie verraaiers is van die hoë verantwoordelikhede wat God aan ons as Sy menslike verteenwoordigers toevertrou het nie.

Ons moet die waarskuwings en tereg wysings wat Hy Sy volk in vervloë dae gegee het, bestudeer. Ons het nie 'n gebrek aan lig nie. Ons weet watter werke ons moet vermy en watter vereistes Hy ons gegee het om aandag aan te gee. So, as ons nie daarna strewende om te weet wat reg is nie, is dit omdat sonde die vleeslike hart beter pas as dit wat reg is.

Daar sal altyd ongelowiges en ontroues wees wat wag om voorwaarts geneem te word deur die geloof van ander. Hulle het nie 'n proefondervindelijke kennis van die waarheid nie en gevolglik het hulle nie die heiligende krag daarvan op hulle eie siele ervaar nie. Dit moet die werk van elke lidmaat van die Kerk wees om in stilte en ywerig hulle eie harte te ondersoek om te sien of sy/haar lewe en karakter in harmonie met God se hoë standaard van geregtigheid is.

Ons moet 'n hoër waarde op die Skrifte plaas as tot dusver, want daarin is die geopenbaarde wil van God aan mense. Dit is nie genoeg om net die waarheidsliewendheid van God se Woord aan te neem nie, ons moet die Skrifte ondersoek om te leer wat hulle behels. Ontvang ons die Bybel as **die Woord van God?** - 2 Sam. 16:23. Dit is so 'n werklike, Goddelike kommunikasie asof die woorde na ons in 'n hoorbare stem kom. Ons besef nie sy kosbaarheid nie, omdat ons nie sy instruksies gehoorsaam nie.

Daar is oral rondom ons bese engele aan die werk, maar omdat ons nie hulle teenwoordigheid met ons natuurlike gesigsvermoë kan onderskei of gewaar nie, beskou ons nie die werklikheid van hulle bestaan, soos in God se Woord geopenbaar, soos ons moet nie. As daar niks in die Skrifte is wat moeilik is om te verstaan nie, sou die mens, in die ondersoeking van hulle bladsye, trots en selfstandig geword het. Dit is nooit goed vir 'n mens om te dink dat hy/sy elke fase van die waarheid verstaan nie, want hy/sy kan nie. Laat geen mens homself/haarself vly dat hy/sy 'n korrekte verstaan van al die Skrifgedeeltes het en dit sy/haar plig ag dat almal dit so moet verstaan nie. Intellektuele trots moet verban word. Ek verhef my stem teen elke soort geestelike trots. Daar is 'n oorvloed daarvan vandag in die Kerk.

Toe die waarheid, wat ons nou koester vir die eerste keer as Bybelwaarhede gesien was, hoe vreemd het dit voorgekom en hoe sterk was die teenkating wat ons moes trotseer in die aanbidding daarvan aan die mense vir die eerste keer. Maar hoe ernstig en opreg was die gehoorsame, waarheidsliewende arbeiders! Ons was inderdaad 'n besondere volk. Ons was min in getal, sonder rykdom, sonder wêreldse kennis en wêreldse eer. Nogtans het ons in God geglo en was sterk en suksesvol, 'n verskrikking vir sondaars. Ons liefde vir mekaar was onwankelbaar. Dit was nie maklik geskud nie. Toe was die krag van God onder ons geopenbaar, siekes was genees en daar was baie kalm, aangename, heilige blydskap. Maar terwyl die lig aangehou het om te vermeerder, het die Kerk nie in verhouding voortbeweeg nie. Die suiwer goud het geleidelik dof geword en 'n doodsheid en uiterlike vorm het ingekom om die energie, ywer, deursettingsvermoë en kragdadigheid van die Kerk lam te lê. Hulle oorvloedige voorregte en geleenthede het God se volk nie voorwaarts en opwaarts na reinheid en heiligheid gelei nie. 'n Getroue veredeling van die talente wat God aan hulle toevertrou het, sou daardie talente grootliks vermeerder het. Waar baie gegee is, sal baie

verwag word. Slegs diegene wat getrou die lig wat God ons gegee het aanvaar en waardeer en wat 'n hoë en edel standpunt in selfverloëning en selfopoffering inneem, sal hande van lig aan die wêreld wees. Diegene wat nie vorentoe gaan nie, sal agteruitgaan, selfs op die ware grens van die hemelse Kanaän. Dit was aan my geopenbaar dat ons geloof en ons werke in geen opsig met die lig en waarheid wat geskenk is, ooreenstem nie. Ons moet nie 'n halfhartige geloof hê nie, maar daardie volkome geloof wat deur liefde werk en die siel reinig.

Teen een ding sal moet gewaak word en dit is individuele onafhanklikheid. As krygers in God se weermag moet daar gesamentlike optrede in die verskillende departemente van die werk wees. Niemand het die reg om op sy eie verantwoordelikheid voort te gaan en idees in ons gedrukte media oor Bybelse leerstellings te bevorder of te opper, terwyl dit bekend is dat ander van ons verskillende menings oor die onderwerp het en dat dit omstredenheid sal veroorsaak nie. Die Eerstedagadventiste het dit gedoen. Elkeen het sy eie onafhanklike oordeel gevolg en probeer om oorspronklike idees aan te bied totdat daar geen gesamentlike optrede onder hulle was nie, behalwe in die opponering van Sewendedagadventiste. Ons moet nie hulle voorbeeld navolg nie. Elke arbeider moet in samewerking met die ander optree. Volgelinge van Jesus Christus sal nie onafhanklik van mekaar optree nie. Ons sterkte moet in God wees en dit moet behou word om in edel, gekonsentreerde optrede te voorskyn te kom. Dit moet nie in niksbeduidende bewegings vermors word nie.

Ons moet weet wat ons moet doen om gered te word. Ons moet nie, my broeders en susters, met die populêre stroom saamdryf nie. Ons werk tans is om uit die wêreld te kom en apart te wees. Dit is die enigste manier hoe ons met God kan wandel, soos Henog. Goddelike invloede het voortdurend met sy menslike pogings saamgewerk. Soos hy word 'n beroep op ons gedoen om 'n sterk, lewende en wakende geloof te hê en dit is die

enigste manier hoe ons arbeiders saam met God kan wees. Ons moet aan die voorwaardes, in God se Woord neergelê, voldoen of in ons sondes sterf. Ons moet weet watter morele veranderinge noodsaaklik is om in ons karakters te maak, deur die genade van Christus, ten einde vir die herehuise daarbo geskik te wees. Ek sê vir julle in die vrees van God: Ons verkeer in die gevaar om soos die Jode te leef - sonder die liefde van God en onkundig omtrent Sy krag, terwyl die gloeiende lig van waarheid oral om ons skyn.

Tienduisend maal tienduisend mag bely om die wet en die evangelie te gehoorsaam en nogtans in sonde lewe. Mense mag op 'n helder en duidelike wyse die aansprake en eise van die waarheid aan andere aanbied of voorstel en nogtans is hulle eie harte vleeslik. Hulle mag sonde in die geheim liefhê en beoefen. Die waarheid van God mag vir hulle geen waarheid wees nie, omdat hulle harte nie daardeur geheilig is nie. Die liefde van die Verlosser mag oor hulle slegte en onedele hartstogte en passies geen weerhoudende of bedwingende mag uitoefen nie. Ons weet uit die geskiedenis van die verlede dat mense in heilige posisies mag staan en nogtans die waarheid van God bedrieglik hanteer. Hulle kan nie **heilige hande tot God ophef sonder toorn en twis nie.** - 1 Tim. 2:8. Dit is omdat God geen beheer oor hulle verstand en gees het nie. Die waarheid was nooit op hulle harte afgestempel nie. **Met die hart glo ons tot geregtigheid.** - Rom. 10:10. **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.** - Matt. 22:37. Doen jy dit? Baie doen dit nie en het dit nog nooit gedoen nie. Hulle bekering was slegs kunsmatig.

As julle dan, sê die apostel, saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. - Kol. 3:1-2. Die hart is die mens se vesting. Daaruit vloei die sake of

kwessies van lewe of dood. Totdat die hart gereinig is, is 'n persoon onbevoeg om enige deel in die kameraadskap van die gelowiges te hê. Weet die Hart Ondersoeker nie wie in sonde talm of aanhou nie, sonder om op hulle siele te let? Was daar nie 'n getuienis tot die mees geheime dinge in die lewe van elkeen nie? Ek was genoodsaak om die woorde te hoor wat deur sommige mans aan vrouens en meisies gesê was - vleitaal en woorde wat sou mislei en verlief maak. Satan gebruik al hierdie middele om siele te verwoes. Sommige van julle mag aldus sy agente gewees het. Indien dit so is, sal julle hierdie dinge in die oordeel teëkom. Die engel het van diesulkes gesê: "Hulle harte was nooit aan die Here gegee nie. Christus is nie in hulle nie. Die waarheid is nie daar nie. Sy plek word deur sonde, misleiding en bedrog ingeneem. Die Woord van God word nie geglo en daarvolgens opgetree nie."

Die teenswoordige aktiwiteit van Satan in sy werking op harte en op die kerke en nasies moet elke student van profesie ontstel. Die einde is naby. Laat ons kerke wakkerskrik. Laat die krag van God wat kan verander in die harte van die individuele lidmate ondervind word. Dan sal ons die diep roeringe van die Gees van God sien. Die vergifnis van sonde is nie die enigste uitvloeiende van die dood van Jesus nie. Hy het die oneindige offer gebring, nie slegs sodat sonde verwyder kan word nie, maar dat die menslike natuur herstel, herververfraai [herversier], hersaamgestel van hulle puinhope kan word en vir die teenwoordigheid van God geskik gemaak kan word.

Ons moet ons geloof deur ons werke toon. 'n Groter begeerte en verlange moet geopenbaar word om 'n groter maat van die Gees van Christus te hê, want hierin sal die sterkte en krag van die Kerk lê. Dit is Satan wat daarna strewende om God se kinders van mekaar weg te trek. Liefde, o, hoe min liefde het ons - liefde vir God en vir mekaar! Die Woord en Gees van Waarheid, wat in ons harte woon, sal ons van die wêreld skei. Die

onveranderbare beginsels van die waarheid en liefde sal hart aan hart verbind en die krag en sterkte van hierdie eenheid sal in ooreenstemming wees met die maat van genade en waarheid wat ondervind was. Dit sal vir ons goed wees, vir elkeen van ons om die spieël, God se koninklike wet, te neem en daarin die weerspieëling van Sy eie karakter sien. Laat ons versigtig wees om nie die gevaartekens en die waarskuwings, wat in Sy Woord gegee is, te verontagsaam nie. Tensy op hierdie waarskuwings ag geslaan word en karaktergebreke oorwin word, sal hierdie tekortkominge en gebreke diegene wat dit besit, oorwin en hulle sal in dwaalleer, afvalligheid en openlike sonde verval. Die verstand wat nie tot die hoogste standaard verhoog[verhef] is nie, sal met verloop van tyd die krag verloor om dit wat eens op 'n tyd verkry of bereik of verwerf was te behou. **Wiemeen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.** - 1 Kor. 10:12. *Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose [goddelose] mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.* - 2 Pet. 3:17,18.

God het in hierdie laaste dae 'n volk uitverkies wat Hy die bewaarders van Sy wet gemaak het en hierdie volk sal altyd onaangename take hê om te vervul. *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.* - Openb. 2:2,3. Dit sal baie ywer en toewyding en 'n voortdurende stryd verg om sonde uit ons kerke te hou. Daar moet streng, onpartydige dissipline uitgeoefen word, want sommige wat 'n skyn [voorkoms] van godsdienst het, sal probeer om die geloof van andere te ondermyn en sal in die geheim werk om hulleself te verhef.

Die Here Jesus het op die Olyfberg duidelik verklaar dat **omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die mense verkoel.** - Matt. 24:12. Hy het gepraat van 'n groep wat van 'n hoë vlak of toestand van geestelikheid geval het. Laat uitsprake soos hierdie met 'n ernstige, plegtige, ondersoekende [deursoekende] krag aan ons harte tuisgebring word. Waar is die ywer en geesdrif, die toewyding aan God, wat ooreenstem met die grootsheid van die waarheid waarop ons aanspraak maak om te glo? Die liefde vir die wêreld, die liefde vir een of ander liefliingsonde, het die hart van die liefde vir gebed en van bepeinsing [oordenking] van heilige dinge losgemaak. 'n Vormlike rondte van godsdienstige verrigtinge word volgehou, maar waar is die liefde van Jesus? Geestelikheid is sterwende. Is hierdie doodsheid, hierdie droewige [treurige] agteruitgang bestem om voort te bestaan? Is die lamp van waarheid bestem om te flikker en in duisternis uit te doof, omdat dit nie weer deur die olie van genade volgemaak word nie?

Ek wens dat elke leraar en elkeen van ons arbeiders hierdie saak kon sien soos dit aan my voorgehou was. 'n Gevoel van eiewaarde en selfvoorsiening is dodelik vir die geestelike lewe. Die eie-ek word verhoog; oor die eie-ek word gepraat. O, dat die eie-ek mag sterf! **Ek sterf dag vir dag** sê die apostel Paulus in 1 Kor. 15:31. Wanneer hierdie trotse, grootpraterige selfvoorsiening en hierdie selfvoldane eiegeregtheid die siel deurtrek, is daar geen plek vir Jesus nie. Aan Hom word 'n minderwaardige plek gegee, terwyl die eie-ek in belangrikheid toeneem en die hele tempel van die siel vul. Dit is die rede hoekom die Here so min vir ons kan doen. Sou Hy met ons pogings saamwerk, sou ons al die eer vir ons eie skrandtheid [slimheid] toe-eien en homself/haarself gelukwens soos die Fariseër: **Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.** - Lukas 18:12. Wanneer die eie-ek in Christus verborge is, sal dit nie so dikwels na die oppervlakte gebring word nie. Sal ons die gemoed van die

Gees van God bevredig? Sal ons meer by die praktiese godvresendheid stilstaan en baie minder by werktuiglike [sonder om te dink] reëlings?

Die diensknegte van Christus moet leef soos ten aanskoue van God en soos ten aanskoue van engele. Hulle moet probeer om die vereistes van ons tyd te verstaan en voorberei om hulle tegemoet te gaan. Satan val ons voortdurend op nuwe en onbeproefde wyses aan en hoekom moet die offisiere in God se weermag ondoeltreffend of onbekwaam wees? Hoekom moet hulle elke vermoë van hulle karakter [geaardheid] onontwikkel laat? Daar is 'n groot werk om te doen en as daar enige gebrek aan eensgesinde optrede is om dit te doen is dit as gevolg van selfsug en 'n gevoel van eiewaarde [selfagting]. Dit is slegs wanneer ons versigtig is om die Meester se opdragte uit te voer sonder om ons stempel en identiteit op die werk agter te laat dat ons doeltreffend en eensgesind werk. "Kom bymekaar", het die engel gesê, "kom bymekaar."

Ek dring by julle, wat in heilige dinge bedien, aan om meer by praktiese godsdiens stil te staan. Hoe selde word die tere [gevoelige] gewete en opregte, hartgrondige smart [droefheid, spyt] van die siel en oortuiging van sonde gesien? Dit is omdat daar geen diepe roeringe van die Gees van God onder ons is nie. Ons Verlosser is die leer wat Jakob gesien het waarvan die voetstuk op die aarde gerus het en waarvan die boonste sport die hoogste hemele bereik het. Dit toon die aangewese [bepaalde, vasgestelde] metode van verlossing. As enigeen van ons uiteindelik gered is, sal dit wees deur aan Jesus vas te hou soos aan die sporte van 'n leer. Vir die gelowige is Christus wysheid en geregtigheid, heiligmaking en verlossing gemaak. Laat niemand dink dit is maklik om die vyand te oorwin en dat hy/sy na Bo na 'n onverganklike erfenis sonder inspanning van sy/haar kant af gedra sal word nie. Om terug te kyk is om duiselig te word en om die greep te los is om te sterf. Enkeles waardeer die belangrikheid om aanhoudend te strewe om te oorwin. Hulle verslap hulle

ywer en toewyding en, as 'n gevolg, word selfsugtig en gemaksgtig en genotsugtig. Geestelike waaksaamheid word nie as belangrik beskou nie. Ernstigheid in die mens se inspanning word nie in die Christen se lewe ingebring nie.

Daar sal enkele, verskriklike valle wees deur diegene wat dink dat hulle vasstaan, omdat hulle die waarheid het, maar hulle het dit nie soos in Jesus nie. 'n Oomblik se agtelosigheid, traak-my-nieagtigheid kan 'n siel in onherstelbare ondergang dompel. Een sonde lei tot die tweede en die tweede berei die weg voor vir die derde, ensovoorts. Ons moet, as getroue boodskappers van God, voortdurend by Hom pleit om deur Sy krag bewaar te word. Indien ons 'n enkele sentimeter van ons plig sou afwyk, loop ons die gevaar om 'n weg van sonde te volg wat in die verdoemenis sal eindig. Daar is hoop vir elkeen van ons, maar slegs op een wyse, en dit is deur onself aan Christus te verbind en al ons kragte inspan om die volmaaktheid van Sy karakter te bereik.

Daardie godsdiens wat van sonde 'n geringe saak maak, wat by die liefde van God vir die sondaar stilstaan, ondanks al sy/haar optredes, bemoedig slegs die sondaar om te glo dat God hom/haar sal aanvaar, terwyl hy/sy voortgaan met dit wat hy/sy weet sonde is. Dit is wat sommige, wat bely om die waarheid vir ons dag te glo, besig is om te doen. Die waarheid word apart van die lewe gehou en dit is die rede hoekom dit geen krag het om die siel te oortuig en tot bekering te bring nie.

God het aan my getoon dat die waarheid soos dit in Jesus is nooit in die lewens van sommige lidmate ingebring was nie. Hulle het nie die godsdiens van die Bybel nie. Hulle was nooit bekeer nie en tensy hulle harte deur die waarheid wat hulle aanvaar het, geheilig word, sal hulle met die onkruid saamgebind word. Hulle dra nie trosse van die kosbare vrug om te toon dat hulle lote van die lewende Wingerdstok is nie.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. - Jes. 55:6,7. Die lewens van baie toon dat hulle gaan lewende verbinding met God het nie. Hulle is besig om in die kanaal van die wêreld in te dryf. Hulle het, in werklikheid, geen deel aan of lotgeval met Christus nie. Hulle is lief vir vermaak, pret en plesier en is met selfsugtige idees, planne, verwagtinge en ambisies vervul. Hulle dien die vyand onder die voorwendsel dat hulle God dien. Hulle is in slawerny aan 'n baas en hierdie knegskap wat hulle gekies het, maak hulleself gewillige slawe van Satan.

Die vals idee wat deur baie onderhou [gekoester] word, dat die beperking, beletting van kinders 'n benadeling, 'n verontregting is, verwoes duisende der duisende. Satan sal verseker besit van die kinders neem as julle nie op julle hoede is nie. Trek hulle weg. Kom uit onder diesulkes julleself en wys aan hulle dat julle aan die kant van die Here is.

Wil diegene wat daarop aanspraak maak om kinders van die Allerhoogste te wees nie die standaard verhoog, nie net terwyl julle in die byeenkomste byeenkom nie, maar vir solank as tyd sal aanhou?

Wil julle nie aan die kant van die Here wees en Hom met die volle voorneme van die hart dien nie? Indien julle doen wat die kinders van Israel gedoen het deur God se uitdruklike vereistes te versaaak, sal julle verseker van Sy oordele ontvang. As julle egter die sonde laat vaar en 'n lewende geloof beoefen, sal die rykste van die hemel se seëninge julle deel wees.

6. Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 5, pp. 532-541.

7. Die Oorwinnaars



Voordat hulle die Godstad binnegaan, gee die Verlosser aan Sy volgelinge die simbole van oorwinning en Hy bekleed hulle met die kentekens van hulle koninklike status. Die glinsterende rye tree aan, in die vorm van 'n vierkant, rondom hulle Koning..... Op die hoofde van die oorwinnaars plaas Jesus met Sy eie regterhand die kroon van heerlikheid..... Elkeen ontvang die oorwinnaarspalm en 'n glinsterende siter. En wanneer die engele wat lei die snare aanraak, bespeel elke hand op behendige wyse sy siter wat die heerlikste en soetste melodie voortbring..... Voor die verlore skare is die heilige stad. Jesus maak die pêrelpoorte wyd oop en die nasies, wat die

waarheid bewaar het, gaan binne. - *The Great Controversy*, pp. 645, 646.

Die stryd om te oorwin

"Die verbeelding in sy mees verhewe vlug kan nie die heerlike bestemming wat op die oorwinnaar wag, voorstel of skilder nie". - *Manuscript Releases*, vol 14, p. 16. Dit dui duidelik daarop dat daar iets is wat ons moet oorwin. "Wie oorwin [sy oorgeërfde en aangeleerde neigings - deur E. White in die oorspronklike ingevoeg], sal beklee word met wit klere en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele." - *Manuscript Releases*, vol. 19, p. 384.

Die uitdrukking wat in baie van bogenoemde verse gebruik word, is **Hy wat oorwin**. Dit dui duidelik daarop dat daar iets is wat ons moet oorwin. "Wie oorwin [sy oorgeërfde en aangeleerde neigings - deur E. White in die oorspronklike ingevoeg], sal beklee word met wit klere en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele." - *Manuscript Releases*, vol. 19, p. 384.

Die oorgeërfde en aangeleerde neigings tot sonde is vir ons so moeilik om te oorwin. Ja, sommige van ons swakhede kom van oorgeërfde neigings. En in ander dinge het ons bewustelik 'n gewoonte of smagting en begeerte ontwikkel wat 'n houvas op ons het. Dit alles word ingesluit in die noodsaak om te oorwin. Hierdie dinge **moet** oorwin word. Satan opponeer ons pogings om in die Christelike paadjie vorentoe te gaan - maar ons het die baie beloftes van God se Woord om ons te bemoedig en "die Here het ons Sy woord gegee dat in elke poging na geregtigheid sal Hy ons help." - *The Youth's Instructor*, 1 Sept. 1896.

"Elkeen van ons sal 'n diepgaande stryd hê om sonde in sy eie hart te oorwin. Dit is soms 'n baie pynlike en ontmoedigende werk, omdat ons die

gebreke in ons eie karakter sien en ons hou aan om na hulle te kyk wanneer ons na Jesus kyk en die kled van geregtigheid moet aantrek. Elkeen wat die pêlepoorte van die stad van God binnegaan, sal daar as 'n oorwinnaar ingaan en sy grootste oorwinning sal die oorwinning van die eie-ek wees." - *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 182, 183.

Die antwoord op elke probleem is Jesus. Hy voorsien die krag vir oorwinning. Dienooreenkomstig kyk elke oorwinnaar na Jesus vir sterkte. "Ons moet elke greintjie energie van die siel in die werk om te oorwin uitoefen en om na Jesus op te sien vir krag om te doen wat ons nie uit onself kan doen nie. Geen sonde sal in hulle, wat in wit klere met Christus wandel, geduld word nie. Die vuil kledingstukke moet verwyder word en Christus se kled van geregtigheid moet om ons gehang word. Deur berou, skuldbelydenis en geloof word ons in staat gestel om gehoorsaamheid aan al die gebooie van God te bewys en sonder blaam voor Hom bevind te word." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 472.

Die oorgeërfde en aangeleerde neigings tot sonde

Wanneer God se Gees in ons harte kom, sal ons spontaan begeer om ons diepgewortelde sondes te oorwin. Maar so baie probeer en probeer en dit lyk of hulle misluk. Is daar enige hoop vir diegene met probleme met alkohol, tabak, dwelmafhanlikheid, oneerlikheid, losbandigheid, 'n eetlus vir te veel of verbode voedsel en homoseksuele neigings? Die antwoord is JA! "Ons moet nooit die standaard van geregtigheid verlaag ten einde oorgeërfde of aangeleerde neigings tot sonde te akkommodeer nie. Dit is nodig dat ons verstaan dat onvolmaaktheid van karakter sonde is. Alle moreel regverdigte karaktereienskappe woon in God as 'n volmaakte, harmoniese geheel en elkeen wat Christus as 'n persoonlike Verlosser aanneem, is bevoorreg om hierdie eienskappe te besit." - *Christ's Object Lessons*, p. 330.

Laat ek baie duidelik wees. Die manier om met sonde te handel is nie om verskonings daarvoor te maak nie, maar om dit deur die krag van God te oorwin. Ja, baie oorgeërfde en aangeleerde gewoontes is bykans onmoontlik vir ons om te oorwin. Maar met God - is alle dinge moontlik! Verseker kan die Skepper 'n suiwer hart en verstand skeep! (kyk Mattheüs 19:26). "Diegene wat hulle vertrou in Christus stel, hoef nie aan enige oorgeërfde of aangeleerde gewoonte of neiging verslaaf te wees nie. In plaas daarvan om in gevangenskap aan die swakker karaktereenskappe gehou te word moet hulle nie elke aptyt en hartstog beheer nie. God het ons nie oorgelaat om in ons beperkte krag teen sonde te worstel nie. Wat ook al ons oorgeërfde of aangeleerde neigings tot sonde is, ons kan oorwin deur die krag wat Hy gereed is om te skenk." - *The Ministry of Healing*, p. 175. Wat 'n belofte! En daar is so baie meer soos hierdie een: "Ons word getoets en beproef. Satan voer 'n stryd om die beheer van ons siele. Dit maak nie saak wat ons oorgeërfde of aangeleerde neigings tot sonde is nie, ons kan oorwin deur die krag wat God voorsien. Die Heilige Gees is ons helper." - *Manuscript Releases*, vol. 18, p. 139.

"Diegene wat deur 'n intelligente verstaan van die Skrifte die kruis korrek beskou, diegene wat waarlik in Jesus glo, het 'n vaste fondament vir hulle geloof. Hulle het daardie geloof wat deur liefde werk en die siel reinig van al sy oorgeërfde en aangeleerde tekortkominge." - *Testimonies for the Church*, vol. 6, p. 238.

Die Hemel is dit werd om voor te sterf

Wat daarvan as ek so 'n verskriklike verslawing aan sonde het dat wanneer ek besluit om hierdie aktiwiteit te stop die spanning op my liggaam my sowaar kan doodmaak? Vir sommige alkoholiste en ander dwelmverslaafdes kan dit bykans die geval wees - onttrekking homself lyk lewensgevaarlik. Ek het 'n baie interessante verklaring oor hierdie presiese vraag gevind. "Geen bedrag geld kan 'n enkele oorwinning oor die

versoekings van Satan koop nie. Maar dit wat geld waardeloos is om te behaal, naamlik integriteit, vasberade pogings en morele krag, sal, in die Naam van Christus, edele oorwinnings oor luste of neigings of begeertes behaal. Wat daarvan as die stryd selfs die mens se lewe kos? Wat daarvan as die slawe van hierdie gebreke werklik sterf in die stryd om hulself te bevry uit die beherende mag van luste, neigings of begeertes? Hulle sterf in 'n goeie saak. En as die oorwinning ten koste van 'n mens se lewe behaal word, is dit nie te duur verkry as die oorwinnaar in die eerste opstanding herrys en die oorwinnaar se beloning kry nie." - *Review and Herald*, 18 Maart 1975.

Jesus werk deur die Heilige Gees om ons oorwinning oor **elke** sonde te gee. "In die beskrywing van die werk van die Heilige Gees aan Sy dissipels, het Jesus probeer om hulle met die blydskap en hoop te inspireer wat Sy eie hart geïnspireer het. Hy was verheug vanweë die oorvloedige hulp wat Hy vir Sy Kerk voorsien het. Die Heilige Gees was die uiterste, kragtigste en edelste van alle gawes wat Hy van Sy Vader kon vra vir die verheffing of verheerliking van Sy volk. Die Heilige Gees sou as 'n herskeppende, met nuwe lewe besielende verteenwoordiger gegee word en hiersonder sou die offer van Christus tevergeefs wees. Die mag van sonde het eeue lank versterk en die onderwerping van die mens aan hierdie sataniese gevangenskap was verbasend. Sonde kan slegs weerstaan en oorwin word deur die magtige werksaamheid en tussenkoms van die Derde Persoon van die Godheid, wat in geen veranderde of beperkte krag sou kom nie, maar in die volheid van Goddelike krag. Dit is die Heilige Gees wat dit wat deur die wêreld se Verlosser bewerkstellig is, effektief en suksesvol maak. Dit is deur die Gees wat die hart gereinig word. Deur die Gees word die gelowige 'n deelgenoot van die Goddelike natuur. Christus het Sy Gees as 'n Goddelike mag gegee om alle oorgeërfde en aangeleerde neigings tot sonde te oorwin en om Sy eie karakter op Sy Kerk af te druk of af te stempel." - *The Desire of Ages*, p. 671.

Verbasende en sigbare veranderinge in die lewe van die oorwinnaar sal tasbare bewys van die krag van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige wees. Diegene wat vernuwe is, herstel God se wet (Jesaia 58:12). "Een van die sterkste bewyse dat die wedergeboorte plaasgevind het, is dat die wedergebore siel nie selfgesentreerd is nie."- *Signs of the Times*, 30 Nov. 1891. Mense bemerk 'n verandering in ons woorde, optrede en belangstellings. Mans wat voorheen ongemanierd, onbeskof en platvloers was, word nederig en ontvanklik.

Ja, God se krag is beskikbaar, maar ons moet daarna soek. Johannes en Judas verteenwoordig die verskillende reaksies na kontak met Jesus en die waarheid. Albei hierdie manne het dieselfde geleenthede gehad om die Goddelike Voorbeeld te bestudeer en te volg. Albei het ernstige karaktergebreke gehad toe hulle aan die begin na Jesus gekom het. Albei het toegang tot die Goddelike genade, wat die hart verander, gehad. Maar terwyl een in nederigheid van Jesus geleer het, het die ander een getoon dat hy 'n hoorder, maar nie 'n dader was nie. Johannes het die eie-ek gekruisig en sonde oorwin en was deur die waarheid geheilig. Judas het die transformerende krag van God weerstaan en het verstriek in die slawerny van Satan geraak.

Daar mag merkbare karaktergebreke wees; slegte humeur, liggeraakte geaardheid, afguns en jaloesie mag die heerskappy voer en tog, wanneer die persoon 'n ware dissipel van Jesus word, sal die krag van Goddelike genade hom/haar 'n nuwe skepsel maak. Christus se liefde verander en heilig hom/haar. Maar wanneer mense bely dat hulle Christene is en hulle godsdien hulle nie beter manne en vroue in al die verhoudings van die lewe maak nie - lewende verteenwoordigers van Christus in gees en karakter - behoort hulle nie aan Hom nie." - *Review and Herald*, 15 Feb. 1881.

Twee besondere areas in die lewe van die oorwinnaar gee duidelike getuienis van die krag van God se transformerende krag. Dit is die

verwydering van rassevooroordeel en die vermoë om met medelidmate oor die weg te kom. Hierdie twee areas hinder of pla God se volk vandag. 'n Gees van selfsugtigheid en trots laat hierdie neigings voortbestaan - dit kan slegs deur die krag van God verander word. Met betrekking tot rassevooroordeel wat lyk of dit vir baie mense heel "natuurlik" is - as gevolg van hulle oorgeërfde en aangeleerde neigings tot die sonde - word vir ons gesê: "Namate die waarheid swaar druk op die verstand van sowel gekleurdes as blankes, soos siele grondig bekeer word, sal hulle nuwe manne en vroue in Christus Jesus word. Christus sê: **Ek sal julle 'n nuwe hart gee** (Esegiël 36:26), en daardie nuwe hart vertoon die Goddelike beeld. Diegene onder die blankes wat bekeer is, sal 'n verandering in hulle sentimente ervaar. Die vooroordeel wat hulle teenoor die gekleurde rasse geërf en aangeleer het, sal verdwyn. Diegene onder die gekleurde rasse wat bekeer is, sal van sonde gereinig word en sal die kleed van Christus se geregtigheid, wat in die weefraam van God in die hemel geweef is, dra. Sowel wit- as gekleurde mense moet die pad van gehoorsaamheid deur dieselfde weg binnegaan." - *The Southern Work*, p. 22. So ingewortel en subtiel is vooroordeel dat dit soms moeilik is om oppervlakkig te sê of iemand rassevooroordeel in sy lewe het. Ons moet bid dat God ons 'n liefdevolle, Christelike gesindheid gee teenoor alle rasse en teenoor almal wat "verskillend" is of wat van ons verskil.

Die krag en wysheid van God was so sigbaar in die verandering van die dissipels. Hulle was 'n groep manne wat die meeste van ons nie as leiers sou kies nie. Nogtans, deur hulle assosiasie met Jesus, was hulle almal, behalwe een, in toegewyde volgelingen van Jesus verander.

Hulle sou hul beproewinge, hulle griewe, hulle meningsverskille hê, maar terwyl Christus in hulle harte gewoon het, kon daar geen onenigheid of verdeeldheid wees nie. Sy liefde sou tot liefde vir mekaar lei; die leringe van die Meester sou tot die harmonisering van alle verskille lei, die

dissipels verenig, totdat hulle een van gemoed [sin, gees] en een van oordeel sou wees. Christus is die groot Middelpunt en hulle sou mekaar benader in ooreenstemming met hoe hulle die Middelpunt benader.

Daardie selfde harmoniserende krag is vandag vir God se Kerk beskikbaar. "Soos die dissipels bymekaar gebring was, elkeen met verskillende tekortkominge, een of ander oorgeërfde of aangeleerde neiging tot die sonde, so vind ons in ons kerkverhoudings mans en vrouens wie se karakters gebrekkig is, nie een van ons is volmaak nie. Maar in Christus en deur Christus moet ons in die familie van God woon, leer om een in geloof, in leerstellings, in gees te word, sodat ons uiteindelik in ons ewige tuiste ontvang kan word. Ons sal ons beproewinge, ons griewe of meningsverskille hê, maar as Christus in elkeen se hart woon, kan daar geen onenigheid of verdeeldheid wees nie. Die leringe van die Meester sal alle verskille harmoniseer, ons tot eenheid bring, totdat ons een van gemoed [sin, gees] en oordeel [mening] sal wees. Die stryd vir oppergesag sal eindig en niemand sal geneig wees om oor 'n ander koning te kraai nie, maar ons sal andere beter as onself ag en so in 'n geestelike tempel vir die Here opgebou word." - *The Signs of the Times*, 20 April 1891. Daar is goeie bewyse dat God ons met ander bymekaarbring, sodat ons kan leer om ons geestelike en sosiale vaardighede te kan beoefen.

Hierdie is die "hoe-om-te" deel van verlossing. Indien jou ervaring met Christus nie praktiese resultate en voordele het nie, wat is die nut daarvan? Jesus sê vir ons duidelik **sonder my kan julle niks doen nie**. En Paulus roem, **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee**. Maar presies hoe werk die proses? Hier volg 'n paar geïnspireerde wenke wat ons ervaring van oorwinning sal vergemaklik:

1. **Neem 'n besluit**. Deur geloof gryp God se beloftes vas en besluit dat jy hier benede 'n Christen sal wees, terwyl jy vir verheerliking voorberei. - *Counsels to Teachers*, p. 548.

2. **Maak jou voorbereiding vir die hemel 'n gebedsaak.** Volharding in gebed is 'n voorwaarde om te ontvang. Ons moet gedurig bid as ons in geloof en ervaring wil groei. - *Steps to Christ*, p. 97.
3. **Open jou hart vir God.** Die werk van ons verlossing is geheel en al van onself afhanklik, want dit berus by ons om die voorsiening wat God gemaak het te aanvaar. God het alles vir ons gedoen wat Hy kon.... Wanneer die hart vir Christus geopen word, sal die Heilige Gees met groot, vernuwende krag werk. - *The Upward Look*, p. 25.
4. **Aanvaar Christus as jou Advokaat en Bemiddelaar.** Ons wat geval het deur die oortreding van die wet van God het 'n Advokaat met die Vader, Jesus Christus, die regverdige. Die deur is oop vir elkeen om homself/haarself vir die tweede verskyning van Jesus Christus voor te berei, sodat ons by Sy verskyning geregverdig kan word, nadat ons alle sonde versaak het en deur die reinigende bloed van Christus oorwin het. Deur die bemiddeling [voorspraak] van Christus, is die beeld van God in ons verstand en hart en karakter vernuwe. - *The Upward Look*, p. 64.
5. **Ons moet wedergebore wees.** Wat ook al sy roeping of belydenis, wat ook al sy stand of posisie in die lewe, moet 'n mens in homself die woorde wat vir Nikodémus gesê was, verwesenlik: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou as iemand nie weer gebore word nie..... as iemand nie weer gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.** - Joh. 3:3,5. - *Signs of the Times*, 11 Maart 1898.
6. **Gryp God se liefde vas.** As 'n mens deur geloof die Goddelike liefde van God vasgryp, word hy 'n nuwe skepsel deur Christus Jesus. Die wêreld is oorwin, die menslike natuur is onderwerp en Satan is verslaan. - *Signs of the Times*, 15 Nov. 1883.
7. **Doen gereeld Bybelstudie.** Die kreatiewe krag wat die wêreld in aansien geroep het, is in die Woord van God. Hierdie Woord

verleen krag, dit genereer lewe. Elke gebod is 'n belofte; deur die wil aanvaar, in die siel ontvang, bring dit daarmee saam die lewe van die Oneindige Een. Dit verander die geaardheid en herskep die siel na die beeld van God. - *Education*, p. 126. **Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.** - Psalm 119:11.

8. **Volg die voorbeeld van Jesus.** Die heilige lewe en karakter van Christus is 'n getroue voorbeeld.
 - Sy vertrou in Sy hemelse Vader was onbeperk.
 - Sy gehoorsaamheid en onderdanigheid was onvoorwaardelik en volkome.
 - Hy het nie gekom om bedien te word nie, maar om andere te dien.
 - Hy het nie gekom om Sy eie wil te doen nie, maar die wil van Hom wat Hom gestuur het.
 - In alles het Hy Homself onderwerp aan Hom wat regverdiglik oordeel. Uit die mond van die Verlosser van die wêreld was hierdie woorde gehoor: **Die Seun kan niks uit Homself doen nie.** - Joh. 5:19.
9. **Raak in die werk van God betrokke.** Die enigste manier om in genade te groei is om onselfsugtig die werk te doen wat Christus aan ons opgedra het - om betrokke te raak, volgens ons vermoë en bekwaamheid, deur hulle te help en te seën wat die hulp nodig het wat ons hulle kan gee. Sterkte kom deur oefening; aktiwiteit is die voorwaarde tot lewe. - *Steps to Christ*, p. 80.
10. **Hou gereeld oggend oordenking.** Wy jouself, siel, liggaam en gees, elke môre aan God. Vestig gewoontes van toewyding en vertrou meer en meer in jou Verlosser. - *In Heavenly Places*, p. 227.
11. **Wees voorbereid om te stry.** Elkeen het 'n persoonlike stryd om te stry. Elkeen moet sy eie weg deur worsteling en

- ontmoedigings vind. Diegene wat die stryd van die hand wys, verloor die sterkte en blydskap van oorwinning. Niemand, selfs nie God nie, kan ons na die hemel toe neem, tensy ons die nodige ywer van ons kant af doen nie. - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 345.
12. **Raak persoonlik betrokke. Werk met God saam.** Laat niemand die idee voorstaan dat 'n mens min of niks in die groot werk van oorwinning te doen het nie, want God doen niks vir die mens sonder sy samewerking nie. Sê ook nadat jy alles gedoen het wat jy kon, Jesus sal my help. Christus het gesê: **Sonder My kan julle niks doen nie.** - Joh. 15:5. Van begin tot end moet die mens 'n arbeider saam met God wees. Tensy die Heilige Gees in die mens se hart werk, sal ons by elke tree struikel en val. Die mens se ywer alleen is niks anders as waardeloosheid nie, maar samewerking met Christus beteken 'n oorwinning. - *Selected Messages*, vol. 1, p. 381.
13. **Vertrou in God.** Egte geloof eien die geregtigheid van Christus toe en die sondaar word 'n oorwinnaar met Christus gemaak, want hy word 'n deelgenoot van die Goddelike natuur gemaak en aldus word Goddelikheid en menslikheid verenig. - *Review and Herald*, 1 Julie 1890.
14. **Beoefen matigheid. Deur God se genade kry beheer van jouself.** Almal wat heiligheid in die vrees van God tot volmaaktheid wil bring, moet die lesse van matigheid en selfbeheersing leer. Die begeertes, apytye, luste en hartstogte moet in onderwerping aan die hoër magte van die gees gehou word. Hierdie selfdissipline is noodsaaklik vir daardie verstandelike sterkte en geestelike insig wat ons sal in staat stel om die heilige waarhede van God se Woord te verstaan en te beoefen. Om hierdie rede het matigheid 'n plek in die werk van voorbereiding vir Christus se wederkoms. - *The Desire of Ages*, p. 101. Christus het

die stryd gestry op die punt van begeerte of eetlus en het oorwin. Ons kan ook oorwin deur die krag van Hom afkomstig. Wie sal deur die hekke die stad ingaan? Nie hulle wat verklaar dat hulle nie die mag van begeerte of aptyt kon verbreek nie. - *Counsels on Diet and Foods*, pp. 169,170.

15. **Verbind jou menslikheid met Christus se Goddelikheid.** Menslikheid en die Goddelikheid moet verbind word in die ervaring van elke oorwinnaar. In ons swakheid moet ons Christus se krag aanvaar. - *Signs of the Times*, 14 Aug. 1901. Dit is deur Goddelike krag met menslike sterkte te kombineer dat die mens 'n oorwinnaar word. - *The Youth's Instructor*, 28 Desember 1899. Jy moet die krag van die Heilige Gees hê, anders kan jy nie 'n oorwinnaar wees nie. - *This Day with God*, p. 11.
16. **Maak jou van die wêreld los.** Hier is 'n pragtige belofte: **Gaan onder hulle uit en sonder julle af.** Afsonder van wat? Die sinnighede en neigings van die wêreld, hulle smake, hulle gewoontes; die modes, die trots en die gebruike van die wêreld. **Gaan onder hulle uit en sonder julle af en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.** - 2 Kor. 6:17. Deur hierdie skuif te maak en te toon dat ons nie in harmonie met die wêreld is nie, is die belofte ons s'n. Hy sê nie miskien sal ek julle aanneem nie, maar **Ek sal julle aanneem.** Dit is 'n positiewe belofte. Julle het die sekerheid dat julle deur God aanvaar sal word. Dan, in die afsondering van die wêreld, sal julle deur God aanvaar word. - *Signs of the Times*, 31 Jan. 1878.
17. **Moenie wag nie. Besluit vandag om 'n oorwinnaar te wees.** Groot en belangrike gebeure vind alreeds in die wêreld plaas. God is aan die werk om die weg vir Christus se wederkoms voor te berei. "Die derde engel se boodskap is besig om tot 'n harde wekroep aan te swel en julle moet nie vry voel om huidige pligte te verwaarloos en steeds die idee koester dat êrens in die toekoms

julle die ontvangers van groot seëninge sal wees, wanneer, sonder enige inspanning van julle kant, 'n wonderlike herlewing sal plaasvind nie. **Vandag** moet julle juisself aan God gee, sodat Hy julle kruike kan reinig, sodat dit gereed kan wees vir die hemelse seën, gereed vir die reënbuie van die laat reën; want die laat reën sal kom en die seën van God sal elke siel vul wat van alle besoedeling gereinig is. **Dit is ons werk vandag** om ons siele aan Christus oor te gee, sodat ons geskik gemaak kan word vir die verfrissing van die teenwoordigheid van die Here - geskik vir die doop van die Heilige Gees. - *God's Amazing Grace*, p. 205.

18. **Bid vir die laat reën.** Die laat reën sal gegee word aan hulle wat strewe om oorwinnaars te wees en dit sal die afrondingswerk op die voorbereiding vir verheerliking plaas. "Hulle wat aan elke punt voldoen en elke beproewing weerstaan en oorwin, laat dit verg wat dit wil, ag geslaan het op die raad van die Waaragtige Getuie sal deur die laat reën vir verheerliking geskik gemaak word. - *Spiritual Gifts*, vol. 48, p. 34.
19. **Moenie ontmoedig wees nie.** Wat ook al mag kom om jou te versoek, hou in gedagte dat met elke versoeking het Christus 'n uitkoms voorsien. Julle moet nie aan ontmoediging toegee nie. Hou in gedagte die feit dat Jesus aan julle regterhand is en dat Hy julle help. Julle moet Hom onvoorwaardelik vertrou, ongeag wat andere van julle mag dink of hoe andere julle mag behandel. Julle sal oorwinnaars wees deur die bloed van die Lam en die woord van julle getuienis. - *Manuscript Releases*, vol. 19, p. 203.
20. **Onthou dat julle bonatuurlike hulp het.** Die engele van God sal rondom die versoekte siel, wat na oorwinning strewe, wees. Sy vasberadenheid, sy aandrang, sal vir hom die nodige sterkte en genade bring. - *Signs of the Times*, 18 Julie 1895. Strewe om 'n hoë standaard te bereik... Hemelse engele sal julle help, en meer as dit, Christus sal julle help. Die Prins van Lewe is meer as

enigiemand anders in julle verlossing geïnteresseerd..... Wees vasberade dat teenoor julle name in die boeke van die hemel die woord **Oorwinnaar** geskryf staan. - *The Upward Look*, p. 47.

Die volgende verklaring is in wese 'n kort opsomming van wenke vir die oorwinnaar. In die eerste plek moet dit ons help om die grootsheid en goedheid van God te besef.

Wanneer julle alles van julle kant af gedoen het, mag julle in geloof hulp van die Kaptein van julle verlossing vra en Hy sal Goddelike hulp voorsien om met menslike ywer te kombineer. Hy sal om julle voorkoppe die lourierkranse van die oorwinnaar bind, presies asof jyself die oorwinning bewerkstellig het. En onthou, dit is die oorwinnaar wat die toegangspoorte van die koninkryk van heerlikheid binnegaan. Dit is die oorwinnaar wat die kroon van die lewe dra en saam met die bloedgewaste menigte rondom die groot, wit troon staan. - *Signs of the Times*, 22 Oktober 1885.

7. G. Edward Reid: *Are you ready or Not. Here He comes*, pp. 207-224.

8. Geen tyd om te verkwis nie

Ons het geen tyd om te verkwis nie. Ons weet nie hoe gou ons proeftyd kan sluit nie. Op sy langste het ons maar 'n kort lewensduur hier en ons weet nie hoe gou die pyl van die dood ons hart mag tref nie. Ons weet nie hoe gou ons geroep mag word om hierdie wêreld en al sy belange af te gee nie. Die ewigheid strek voor ons. Die gordyn sal binnekort gelig word. Binne 'n paar korte jare sal vir almal wat nou lewe, die dekreet uitgevaardig word:

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen;.... en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.
- Openb. 22:11.

Is ons gereed? Het ons kennis gemaak met God, die Regeerder van die hemel, die Wetgewer en met Jesus Christus wat Hy as Sy verteenwoordiger in die wêreld gestuur het? Sal ons, wanneer ons lewenstaak afgehandel is, soos Christus, ons Voorbeeld, kan sê: **Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.... Ek het u Naam geopenbaar?** - Joh. 17:4-6.

Die engele van God probeer om ons van onself en van aardse dinge weg te trek. Laat hulle nie tevergeefs werk nie.

Mense wat hulle aan losbandige gedagtes oorgegee het, moet verander. *Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter, en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.* - 1 Pet. 1:13-16.

Die gedagtes moet op God gevestig wees. Ons moet ernstig strewende om die sondige neigings van die natuurlike hart te oorwin. Ons pogings, ons selfverloëning en volharding moet in verhouding wees tot die ewige waarde van die doel wat ons nastreef. Alleen deur te oorwin soos Christus oorwin het, sal ons die kroon van die lewe beërf.

9. Ellen White: *Die Helende Hand*, p. 326.

Maak jou klaar om jou God te ontmoet. - Amos 4:12



Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. - Openb. 19:7.

Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit. - Matt. 25:10.

Die karakter van Jesus was in hulle gereproduseer.

MAAR

Meneer, Meneer, maak vir ons oop!
Maar die bruidegom antwoord: Ek sê vir julle: Ek ken julle nie. - Matt. 25:11.

Sonder twyfel die hartseerste woorde in die hele Skrif.


